DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

ALGEMENE BELEID VIR DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005

HIERDIE BELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE TOEPASLIKE VISSERY-SPESIFIEKE BELEID (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

Hierdie dokument is ook in Engels, isiXhosa en isiZulu beskikbaar

This document is also available in English isiXhosa and isiZulu

Lencwadi iyafumeneka nangolwimi lwesiNgesi, lwesiXhosa nolwesiZulu

Lencwadi iyatholakala nangolwimi lwesiNgesi, lwesiXhosa nolwesiZulu

INHOUD

DEEL A: INLEIDING EN AGTERGROND 5

1. Inleiding 5

2. Toepassing 5

3. Oogmerk 6

4. Wat onderrig hierdie beleid? 6

4.1 Internasionale verpligtings in verband met die gebruik van volhoubare hulpbronne 6

4.2 Die wetgewende raamwerk vir die toekenning van kommersiële visvangregte 8

5. Departementele funksies en Delegasies 10

5.1 Delegasie van bevoegdhede 10

5.2 Kernfunksies van die Departement wat regtetoekenning ondersteun 10

(a) Navorsing in Visserye 10

(b) Bestuur van Visserye 11

(c) Vissery- en kuswetstoepassing 12

(d) Toegang tot inligting 12

DEEL B: METODE EN PROSES VAN TOEKENNING 13

6. Toekenning van visvangregte 13

6.1 Die regsaard van die visvangreg 13

6.2 Kernoorwegings vir toekenning en bestuur 14

6.3 Die toekenningsproses 14

(a) Openbare deelname aan beleidsformulering 14

(b) Toekenningsproses per Groep bepaal 15

(c) Kommunikasie 16

(d) Taal 17

(e) Uitnodiging om vir regte aansoek te doen 17

(f) Aansoekvorms 18

(g) Verspreiding van aansoekvorms en betaling van aansoekfooie 18

(h) Aansoekfooie 19

(i) Verifikasie deur Ouditeurs 19

(j) Ontvangs van aansoekvorms 19

(k) Afskrifte 20

(l) Ontwerp van kriteria en gewigte 20

(m) Inligting wat oorweeg sal word 21

(i) Gedeeltes van die aansoekvorm nie voltooi 21

(ii) Laat inligting 21

(iii) Inligting van eksterne bronne 21

(iv) Gebruik van departementele databasis 22

(v) Indiening van vals inligting of dokumente en nie-openbaarmaking 22

(vi) Afskrifte van dokumente 22

(m) Aanvra van verdere inligting, ondersoeke en oorlegpleging 22

(o) Ondersteuning vir gedelegeerde owerhede 23

(p) Voorlopige lyste 23

(q) Kennisgewing van besluite en die redes 23

(r) Appélle 25

(s) Toegang tot inligting 26

6.4 Besluitneming 26

(a) Kriteria wat gebruik word om besluite te neem oor die toekenning van regte 26

(i) Uitsluitingkriteria 27

(ii) Balanseringskriteria: nuwe inkomelinge en bestaande regtehouers 28
(iii) Valbyl faktore 28
(b) Kriteria vir die toekenning van kwantum of poging 29

DEEL C: DWARSSNYDENDE BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN REGTE EN KWANTUM 29

7. Beleidsoorwegings 29
7.1 Tydsduur van regte 30
7.2 Vorm van die regtehouer 30
7.3 Transformasie 31
(a) Ras 32
(i) Eienaarskap 32
(ii) Bestuur 33
(b) Geslag 33
(c) Diensbillikheid 33
(d) Vaardigheidsontwikkeling 34
(e) Regstellende Aankope 34
(f) Korporatiewe sosiale belegging 34
7.4 Multi-sektorale betrokkenheid 34
7.5 Konsolidasie 35
7.6 Nuwe inkomelinge 35
7.7 Prestasie 36
(a) Finansiele prestasie 36
(b) Betaling van heffings 36
(c) Wetsnakoming 36
(d) Visvangprestasie 37
7.8 Belegging 37
7.9 Papierkwotas 37
(a) Nuwe inkomelinge 37
(b) Medium termyn regtehouers 38
(c) Groepe C en D 38
(d) Toekomstige regtehouers 39
7.10 Waardetoevoeging 39
7.11 Ondernemingsontwikkeling 39
7.12 Werkskepping 39
7.13 Afhanklikheid en deelname aan boord 39
7.14 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geografiese billikheidsoorwegings 40
7.15 Vaartuie en vangspoging 40
(a) Vaartuie 40
(b) Vangspoging 41
7.16 Veiligheid van personeel en bemanning 41
7.17 Byvangsbestuur en verminderingsmaatreëls en storting 41
7.18 Omgewingsvolhoubare praktyke 42
7.19 Aasvisserye 42

DEEL D: DWARSNYDENDE BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN KWANTUM OF VANGSPOGING 43

8. Beleidsoorwegings 43
8.1 Groepe A en B 43
8.2 Groepe C en D 44
8.3 Oormaat kwantum gelaat na appèlle 44
8.4 Verhoging van die TTV/TOV 44

DEEL E: BESTUURSOORWEGINGS NA TOEKENNING 44

9. Medebestuur van die Kommersiële Visserye 44

10. Heffings en kosteherwinning 45

11. Waarnemerprogram 46

12. Oordrag van regte 46

13. Gebruik van voertuie in die kussone 47

14. Beskermde Mariene Gebiede en Visserybestuursgebiede 47

14.1 Beskermde Mariene Gebiede 47

14.2 Visseryebestuursgebiede 47

15. Wetsnakoming en artikel 28 kennisgewings 48

WOORDOMSKRYWING 49

DEEL A: INLEIDING EN AGTERGROND

1. Inleiding

Hierdie ***Algemene Beleid oor die Toekenning en Bestuur van Langtermyn kommersiële visvangregte*** word deur die Minister van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene- en Kusbestuur uitgereik en sal na verwys word as die **"Algemene beleid"**. Die Algemene beleid moet saamgelees word met die beleidsdokumente waarna verwys sal word as die *"**Vissery-spesifieke beleidstukke**" of "**Sektor-spesifieke beleidstukke**"* wat vir elke kommersiële en eksperimentele visvangsektor aangeneem is. In die Algemene Beleid word 'n aantal kwessies hanteer wat betrekking het op al die visvangsektore in paragraaf 2 gelys. Hierdie dwarssnydende beleidsaspekte, onderrig ook die inhoud van die Vissery-spesifieke beleidstukke wat die Minister se spesifieke voornemens ten opsigte van die toekenning van regte in elke vissery uiteensit. Voornemende aansoekers en belanghebbende partye moet hierdie Algemene Beleid saam met die toepaslike Vissery-spesifieke beleid lees.

2. Toepassing

Die Algemene beleid is van toepassing op die toekenning van regte in 19 kommersiële visserye: Diepsee stokvis-treilvissery, Aanlandige Stokvis-treilvissery, Maasbankers, Klein Pelagies, Patagoniese Tandvis, Suidkus-kreef, KwaZulu-Natalse Steurgarnaal-treilvissery, Stokvis-langlyn, Weskus-kreef (Aflandig), Inkvis, Tuna-handlyn, Seewiere, Bodem- Haaie, Handlyn-stokvis, Weskus-kreef (Aanlandig),Oesters, Witmossels en Netvis (Treknet, Kiefnet en Strandseënet), en KwaZulu-Natal Strandseënet.

Die Algemene beleid is nie van toepassing nie op –

- Bestaansvisserye: 'n Aparte beleid sal aangeneem word, wat spesifiek oor die bestaansvisserye sal handel en wat die bestaansvisserye van Ooskus-kreef en Perlemoen in die Oos-Kaap sal insluit.
- Ontspanningsvisvang: 'n Aparte beleid sal aangeneem word wat spesifiek met ontspanningsvisvang sal handel.
- Visvang deur buitelanders.
- Visprosesseringsondernemings: 'n Aparte beleid sal aangeneem word wat spesifiek met visprosesseringsondernemings sal handel.
- Marikultuur: 'n Aparte beleid sal aangeneem word wat spesifiek met die regulering en die bestuur van marikultuur in Suid-Afrika sal handel.

- Nie-verbruikende mariene bedrywighede, insluitende boot-gebaseerde walvis besigtiging, haaihok-duik, sportduik en SCUBA-duik. Aparte beleidskrifte sal aangeneem word wat spesifiek met hierdie nie-verbruikende mariene bedrywighede sal handel.
- Tradisionele Lynvis: 'n Aparte beleid sal aangeneem word wat spesifiek met tradisionele lynvis sal handel.

Alhoewel hierdie beleid van toepassing is op Stokvishandlyn-, Weskuskreef- (Aanlandig), Netvis (Treknet, Kiefnet en Strandseënet), KwaZulu-Natal Strandseënet, Oester en Witmossel sektore, word aansoekers in daardie sektors aangeraai om op die vissery-spesifieke beleid te fokus vir die faktore wat in ag geneem sal word by die toekenning van regte. Dit sal noodsaaklik wees vir aansoekers in hierdie sektore om die vissery-spesifieke beleid te bestudeer voordat hulle aansoek doen.

3. Oogmerk

Die Algemene Beleid, met die Vissery-spesifieke beleidskrifte, het ten doel om as gids te dien vir die langtermyn regtetoekenningsproses. Dit beskryf verder die kernfunksies van die Departement wat die regtetoekenningsproses ondersteun.

Die Minister beskou dit ook as noodsaaklik, ten bate van aansoekers, om die Departement se bestuursdoelwitte vir die onmiddellike toekoms uiteen te sit. Hierdie mag natuurlik later deur die Departement hersien word, indien dit wenslik geag word.

4. Wat onderrig hierdie beleid?

Die Algemene en Vissery-spesifieke beleidsdokumente word onderrig deur Suid-Afrika se internasionale regsverpligtinge, nie-bindende ondernemings op internasionale en streeksvlak, en die wetgewende raamwerk vir die toekenning van visvangregte.

4.1 Internasionale verpligtings in verband met die gebruik van volhoubare hulpbronne

Gedurende die ***Wêreldspitsberaad oor Volhoubare Ontwikkeling (WBVO)*** wat gedurende September 2002 in Johannesburg gehou is, het lande onderneem om visvoorraad in stand te hou, of te herstel tot vlakke wat die maksimum volhoubare opbrengs kan lewer. Die doel moet dringend bereik word ten opsigte van uitgeputte voorrade en indien moontlik, teen nie later as 2015 nie. Lande het ook onderneem om nasionale aksieplanne te ontwikkel en in werking te stel. Die WBVO het die behoefte geïdentifiseer om produktiwiteit en biodiversiteit

van belangrike en kwesbare mariene en kusgebiede binne en buite nasionale jurisdiksies in stand te hou. Die doel is om die ekostelsel te beskerm, deur 'n benadering te gebruik wat verwoestende visvangpraktyke elimineer, mariene beskermde gebiede vestig en die stel van en toesig oor tyd- en gebiedsluitings om broeigronde gedurende broeitydperke te beskerm. Ingevolge die *Reykjavik Declaration* van 2001 en die Johannesburg Plan van Implementering wat uit die WBVO spruit, is Suid-Afrika verbind tot die instel van 'n Ekostelselbenadering tot die bestuur van Visserye (EAF) teen 2010.

Die ***Voedsel- en Landbou-organisasie se 1995- Kode van Verantwoordelike Visvangbedrywe*** is 'n vrywillige instrument wat erken dat visserye, insluitende akwakultuur, 'n sleutelbron van voedsel, werksgeleenthede, ontspanning, handel en ekonomiese welsyn vir mense dwarsdeur die wêreld verskaf en dus op verantwoordelike wyse bedryf moet word. Die Kode stel beginsels en internasionale standaarde van gedrag vir verantwoordelike praktyke met die oog op die versekering van doeltreffende bewaring, bestuur en ontwikkeling van lewende akwatiese bronne met die nodige respek vir die ekostelsel en biodiversiteit. Die Kode erken die voedings-, ekonomiese, maatskaplike, omgewings- en kulturele belang van visvangbedrywe. Die Kode het ook gelei tot vier Internasionale Aksieplanne (IAPs). Hierdie IAPs is die IAP oor Kapasiteit, die IAP om Onwettige, Ongerapporteerde en Ongereguleerde (OOO) visvangbedrywighede te voorkom, af te skrik en te elimineer; die IAP om haai- byvangste te verminder en die IAP om die toevallige byvangste van seevoëls te verminder. As 'n staatsparty het Suid-Afrika onderneem en is verbind tot die toepassing van die Kode, asook die vier IAPs en om dit uit te voer, indien nodig, deur middel van 'n Nasionale Plan van Aksie. In 'n poging om die IAP te implementeer wat gerig is op die voorkoming, afskrikking en eliminasie van OOO - visvangdrywighede, sal monitering en beheer oor visvangvaartuie versterk word.

Die Verenigde Nasies se Konvensie oor Seereg, 1982 ("VNKS") probeer 'n regsorde vir die wêreld se seë en oseane daarstel om kommunikasie in internasionale waters te vergemaklik. Dit bevorder ook die vreedsame gebruik van die wêreld se seë en oseane, die billike en doeltreffende gebruik van mariene hulpbronne, die bewaring van mariene lewende hulpbronne en die bestudering, beskerming en bewaring van die mariene omgewing. ***Die Verenigde Nasies se Ooreenkoms oor Visvoorraad, 1995*** vul die VNKS aan deur te spesifiseer hoe gedeelde visvoorrade (soos stokvis) en hoogs migrerende visvoorrade (soos tuna) ontgin en bestuur behoort te word.

Suid-Afrika is verder deel van 'n aantal ***Streeksorganisasies vir Visserybestuur (SOVBs)*** wat verantwoordelik is vir die bestuur en bewaring van gedeelde visvoorraad, insluitende tuna, swaardvis en Patagoniese tandvis. Hierdie organisasies sluit in die " International Commission for the Conservation of Atlantic Tunas" (ICCAT), die " International Commission for the Conservation of Southern Bluefin Tunas" (CCSBT), die "Indian Ocean Tuna Commission" (IOTC) en die "Convention for the Conservation of Antarctic

Marine Living Resources" (CCAMLR), die "South East Atlantic Fisheries Organisation" (SEAFO) en die "Southwest Indian Ocean Fisheries Commission" (SWIOFC).

As 'n lid van die Suidelike Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) en veral as ondertekenaar van die SAOG-protokol oor visserye, is Suid-Afrika verplig om die volhoubare gebruik van gedeelde visvoorrade met die SOAG-buurlande te verseker. Hierdie gedeelde voorrade sluit stokvis, diepseevis, steurgarnale, lynvis en maasbankers in.

4.2 Die wetgewende raamwerk vir die toekenning van kommersiële visvangregte

Die transformasie van die visvangbedryf word grondwetlik en wetgewend vereis. Die vernaamste voertuig om transformasie in die Suid-Afrikaanse visvangbedryf te bevorder, is die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne, 18 van 1998 (die "*WMLH*"). 'n Verdere belangrike doel van die WMLH is om voorsiening te maak vir die ordelike ontginning van lewende mariene hulpbronne en voorsiening te maak vir die uitoefening van beheer oor lewende mariene hulpbronne op 'n redelike en billike wyse tot voordeel van al die burgers van Suid-Afrika. Ingevolge artikel 2 van die WMLH, moet die Minister en enige staatsorgaan 'n aantal doelwitte en beginsels in aanmerking neem by die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge die Wet.
Hulle is:

(a)	*Die noodsaak om optimale benutting van ekologies volhoubare ontwikkeling van lewende mariene hulpbronne te bereik;*
(b)	*die noodsaak om lewende mariene hulpbronne vir sowel die huidige as toekomstige geslagte te bewaar;*
(c)	*die behoefte om voorkomende benaderings ten opsigte van die bestuur en ontwikkeling van lewende mariene hulpbronne te handhaaf;*
(d)	*die behoefte om lewende mariene hulpbronne te benut vir die bereiking van ekonomiese groei, menslike hulpbronontwikkeling, uitbreiding van vermoëns in vissery- en marikultuurvertakkings, werkskepping en 'n gesonde ekologiese balans, in ooreenstemming met die ontwikkelingsdoelstellings van die nasionale regering;*
(e)	*die behoefte om die ekosisteem in geheel te beskerm, met inbegrip van spesies wat nie vir ontginning bestem is nie;*
(f)	*die behoefte aan die behoud van mariene biodiversiteit;*
(g)	*die behoefte om mariene besoedeling tot 'n minimum te beperk;*
(h)	*die behoefte om, vir sover prakties haalbaar, uitgebreide en toerekenbare deelname aan die besluitnemingsprosesse waarvoor hierdie Wet voorsiening maak, te bereik;*

(i) enige tersaaklike verpligting van die nasionale regering of die Republiek ingevolge 'n toepaslike internasionale ooreenkoms of reël van die volkereg; en

(j) die behoefte om die visnywerheid te herstruktureer om historiese ongelykhede aan te spreek en om gelykheid binne alle vertakkings van die visnywerheid te bewerkstellig.

Ten einde die hulpbron kommersieel te ontgin, moet 'n persoon of entiteit aansoek doen en 'n reg ontvang ingevolge die WMLH. Artikel 18 bepaal as volg:

(1) Geen persoon mag kommersiële visvangs of bestaansgrondslagvisvangs onderneem, marikultuur beoefen of 'n visverwerkingsaanleg bedryf nie, tensy 'n reg om so 'n bedrywigheid te onderneem, te beoefen of te bedryf deur die Minister aan so 'n persoon toegestaan is.

Die toekenning van regte was tot dusver die hoofmeganisme vir die bevordering van transformasie en om die ander beginsels en doelwitte uiteengesit in artikel 2 van die WMLH uit te voer. Om 'n reg uit te oefen wat ingevolge artikel 18 toegeken is moet daar 'n permit toegeken word aan 'n persoon ingevolge artikel 13 van die WMLH wat as volg bepaal:

(1) Geen persoon mag enige reg toegestaan ingevolge artikel 18 uitoefen of enige ander bedrywigheid ingevolge hierdie Wet verrig nie tensy die Minister aan so 'n persoon 'n permit uitgereik het om daardie reg of bedrywigheid uit te oefen of te verrig.

Behalwe die WMLH, is die Algemene Regulasies, soos uitgevaardig in AK 1111 in die Staatskoerant 19205 van 2 September 1998 (soos gewysig) relevant. Hierdie regulasies bevat sekere prosedures wat verband hou met appèlle teen besluite in terme van artikels 13 en 18 van die Wet en die regulering van geslote seisoene en geslote gebiede, die gebruik van toerusting en die beperkinge op spesies. Die Regulasies handel verder oor die landing, vervoer, aflewering, ontvangs, prosessering en bemarking van vis en visprodukte, beheer en wetsnakoming, die laat van voorwerpe in die see, vishawe-regulasies en oortredings en strafbepalings.

Die WMLH en sy Regulasies is in 'n aantal hofbesllissings oor die medium-termyn regtetoekenningsproses geïnterpreteer en sommige hiervan het belangrike regspresedente gestel. Hierdie beslissings is in aanmerking geneem met die ontwerp van die langtermyn regtetoekenningproses.

Die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 107 van 1998 (WNOB) bied die raamwerk vir die aanvaarding van omgewingsbestuur en –beleid. Indien die optrede van 'n staatsinstansie die omgewing aansienlik beïnvloed is die beginsels wat in artikel 2 van WNOB uiteen gesit word van toepassing.

5. Departementele funksies en Delegasies

5.1 Delegasie van bevoegdhede

Die WMLH ken magte toe aan die Minister van Omgewingsake en Toerisme ("*die Minister")* en aan die Direkteur-Generaal ("die DG"). In die verlede het die Minister en die DG egter heelwat van hulle bevoegdhede gedelegeer aan beamptes in die Departement, insluitende die magte ingevolge artikel 13 (toekenning van permitte), artikel 18 (toekenning van kommersiële visvangregte), artikel 28 (kansellering, intrekking of opskorting van visvangregte / permitte), artikel 81 (toestaan en kansellering van vrystellings) en artikel 83 (die toelaat van eksperimentering en wetenskaplike ondersoeke).

'n Volledige stel van alle huidige delegasies is by die Departement beskikbaar of kan besigtig word by www.mcm-deat.gov.za . Die Minister is van voornemens om sy magte om visvangregte en permitte in die 19 kommersiële visvangsektore aan beamptes in die Departement te delegeer. Die Algemene Beleid en vissery-spesifieke beleide is deur die Minister aangeneem ten einde die gedelegeerde owerhede te lei by die toekenning van visvangregte en permitte.

5.2 Kernfunksies van die Departement wat regtetoekenning ondersteun

(a) Navorsing in Visserye

Die Hoofdirektoraat: Navorsing, Antarktika en Eilande is verantwoordelik vir die bestuur van die uitvoering van hierdie funksie. Die hoofdoel van wetenskaplike navorsing is om die ekologiese volhoubare gebruik van visvoorrade te verseker en om mariene ekostelsels te bewaar, met inbegrip van spesies wat nie vir ontginning geteiken word nie, soos robbe en seevoëls.

By uitoefening van wetenskaplike navorsing onderskryf die Departement Beginsel 15 van die Rio Deklarasie van die VN Konferensie oor Omgewing en Ontwikkeling (Rio de Janeiro, 1992) wat verklaar dat: "*Ten einde die omgewing te bewaar moet die State die voorsorgbenadering breedvoerig volgens hulle vermoë toepas. Waar daar ernstige of onomkeerbare skade dreig, sal die gebrek aan volledige wetenskaplike sekerheid nie as rede aangevoer word waarom koste-doeltreffende maatreëls uitgestel word om degradasie van die omgewing te voorkom nie*".

Die Departement ondersteun ‘n voorsorgbenadering tot alle visserye. Aangesien onsekerheid al die elemente van die visvangsisteem affekteer, is voorsorg op alle vlakke van die stelsel nodig.

Wetenskaplike navorsing is daarop gemik om die dinamika van visvoorrade te verstaan en onderrig die Totale Toelaatbare Vangs (TTV) of die Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) of ‘n kombinasie daarvan, wat bepaal word ingevolge artikel 14 van die WLMH. Die wetenskaplike werksgroepe is verantwoordelik vir die vertolking van voorraadontleding, wat op die verskillende visvoorrade uitgevoer word en hierdie vertolking onderrig uiteindelik die bepaling van die TTV/TOV. Wetenskaplike navorsing onderrig verder die aanwysing van mariene beskermde gebiede, die vasstelling van bestuursgebiede vir visserye, die bepaling van geslote gebiede, geslote seisoene, verbode visvangtye, die minimum grote van spesies, vaartuig- en toerustingbeperking en visvangmetodes, insluitende voorkomingsmaatreëls vir byvangste. Wetenskaplike navorsing word ook gedoen ten einde nuwe visserye te ontwikkel, in lyn met die Departement se *Beleid vir Nuwe Visserye*.

Wetenskaplike werksgroepe funksioneer tans ten opsigte van elke visvangsektor. Elke werksgroep bestaan uit departementele wetenskaplikes asook eksterne deskundiges van ander mariene-wetenskaplike inrigtings soos instansies vir hoër onderwys.

Die meeste sektore word wetenskaplik bestuur ingevolge ‘n Operasionele Bestuursprosedure (OBP). Ander word bestuur deur middel van jaarlikse bepalings.

(b) Bestuur van Visserye

Die Hoofdirektoraat: Visserye- en Kusbestuur is hoofsaaklik verantwoordelik vir die uitvoering van twee funksies. Eerstens, om die volhoubare en billike ontwikkeling, asook die gebruik van mariene lewende hulpbronne deur die administrasie van visvangregte, permitte, vrystellings en lisensies te fasiliteer en te reguleer. Tweedens, is sy funksie om die volhoubare gebruik van Suid-Afrika se kushulpbronne te optimaliseer, deur die mens se impak (anders as kommersiële vissery) soos ontwikkeling aan die kus, bestaansvisvang, ontspanningsvisvang, mariene besoedeling en mariene ekotoerisme, op die omgewing te beheer. Die Hoofdirektoraat word bygestaan deur spesialiste in die ekonomie en bestuur van visserye, olie- en mariene besoedelingsbestuur en kussonebestuur.

(c) Vissery- en kuswetstoepassing

Die uitvoering van hierdie funksie word deur die Hoofdirektoraat: Vissery- en kuswetstoepassing bestuur. Ten einde te verseker dat gehoor gegee word aan visvangwetgewing, gebruik die Hoofdirektoraat 'n aantal maatreëls wat daarop gemik is om wetsnakoming af te dwing en aan te moedig. Daardie maatreëls sluit in:

- Moderne diepsee en kuslyn omgewingspatroleringsvaartuie;
- Gespesialiseerde omgewingshowe;
- Waarnemerprogramme;
- Mariene beskermde gebiede;
- Vaartuigmoniteringstelsels;
- Openbare opvoedkundige programme;
- Mede-bestuur van visvoorrade;
- Indiensname van visserybeheerbeamptes verantwoordelik vir die versekering dat alle visvangste plaasvind in 'n gereguleerde en regmatige wyse en dat alle landings behoorlik aangeteken word;
- Ere-beheerbeamptes vir die visvangbedryf; en
- Strategiese wetsnakomingsvennootskappe met nie-regeringsorganisasies, plaaslike regerings, bewaringsliggame en ander toepaslike staatsorgane.

(d) Toegang tot inligting

Die Departement se aangewese inligtingsbeamptes vir doeleindes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000 ("*WBTI*") is die Hoofdirekteur: Navorsing, Antartika en Eilande, die Hoofdirekteur: Visserye- en Kusbestuur en die Hoofdirekteur: Vissery- en Kuswetstoepassing.

Groot volumes inligting oor vorige regtetoekennings, soos beleidsdokumente, rekords van besluite, algemene gepubliseerde redes en ander rekords soos wetsnakomingsdatabasisse, TTVs en TOVs is by die Departement beskikbaar. Sommige rekords is ook beskikbaar by visvangbeheerkantore of op die Departement se webblad (www.mcm-deat.org.za). Verdere inligting oor hoe om toegang tot hierdie rekords te kry, kan op een van die volgende maniere verkry word:

- Kontak die Departement se Kliëntesorglyn by 0861 123 626; of
- Besoek die Departement se Kliëntedienssentrum by die Foretrust-gebou, 2de Vloer, Martin Hammerschlag-weg, Strandgebied, Kaapstad.

Soos in die verlede, na die beoordeling van aansoeke afgehandel is en die besluite aangekondig is, sal die meeste rekords gehou deur die Departement vrywillig beskikbaar gestel word en outomaties beskikbaar wees, soos bepaal in artikel 15 van WBTI. Met ander woorde, vorms vir die toegang tot inligting hoef nie ingevul te word nie. Rekords mag inspekteer word en afskrifte sal teen die vasgestelde fooi vir reproduksie verskaf word. Oor die algemeen sal die Departement slegs verg dat die vorms vir toegang tot inligting voltooi word, en sal slegs aansoeke vir toegang tot inligting beoordeel, waar toegang tot die rekords geskep deur derde partye (soos hulle voltooide aansoekvorms en hul bylaes) aangevra word. Die benadering tot toegang tot inligting word in groter besondehede hieronder behandel.

DEEL B: METODE EN PROSES VAN TOEKENNING

6. Toekenning van visvangregte

6.1 Die regsaard van die visvangreg

Voordat die WMLH in 1998 in werking getree het, het die Departement visvang "*kwotas*" ingevolge die Wet op Seevisserye, 12 van 1988 toegeken. Artikel 18 van die WMLH maak nou voorsiening vir die toekenning van "*visvangregte*". Die regsaard van die "*reg*" wat ingevolge die WMLH toegeken word is soortgelyk aan die "*kwota*" wat ingevolge die Wet op Seevisserye toegeken is. Die "*regte*" wat ingevolge die WMLH toegeken word is nie eiendomsregte nie en behoort verstaan te word as 'n statutêre vergunning om 'n mariene hulpbron vir 'n bepaalde tydperk te oes. Gevolglik kom kansellasie of intrekking van die reg nie neer op onteiening binne die betekenis van artikel 25 van die Grondwet of die Onteieningswet, 63 van 1975 nie. Dit is duidelik uit artikel 18(6 van die WLMH, wat bepaal dat 'n visvangreg geldig is vir die tydperk wat die Minister (of sy gedelegeerde) bepaal, waarna dit outomaties terugval na die staat en weer ingevolge die toepaslike bepalings van die WLMH toegeken mag word.

'n Visvangreg word toegeken aan 'n spesifieke persoon of entiteit en in terme van artikel 21 van die WLMH mag die reg nie oorgedra word sonder die toestemming van die Minister of sy gedelegeerde nie. By die dood, sekwestrasie of likwidasie van die regtehouer, berus die reg onderskeidelik by die eksekuteur, trustee of likwidateur en mag die reg verder ontgin word vir die tydperk toegelaat deur die toepaslike wetlike bepalings. Enige oordrag van die visvangreg na 'n derde party vereis egter goedkeuring.

6.2 Kernoorwegings vir toekenning en bestuur

Hierdie Algemene Beleid asook die Vissery-spesifieke beleidsdokumente, word gebaseer op vyf kernbeginsels wat die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte lei. Hierdie vyf beginsels komplimenteer en gee uitvoering aan die doelwitte gelys in artikel 2 van die WMLH. Hulle is:

(a) ***Transformasie:*** Transformasie en die noodsaaklikheid om gelykheid binne alle sektore van die visvangbedryf te bewerkstellig.

(b) ***Biologiese oorwegings:*** Die impak op die teikenspesies moet in aanmerking geneem word. Dit word hoofsaaklik gedoen deur 'n Totale Toelaatbare Vangs (TTV) of 'n Totale Ontplooide Vangspoging (TOV) of albei vas te stel.

(c) ***Ekologiese oorwegings:*** Die impak op die mariene ekosisteem waarbinne die teikenspesies voorkom moet in aanmerking geneem word.

(d) ***Nywerheids- en sosio-ekonomiese en kommersiële oorwegings:*** Sover dit prakties moontlik en relevant is, word die sosio-ekonomiese uitwerking van toekennings op regtehouers, werkers en verbruikers in ag geneem, veral daardie individue en gemeenskappe wat van die bron afhanklik is. Nywerheids en kommersiële oorwegings sluit in die aard en die waarde van investerings in vaste bates, bemarking en prosesserings- en visvangkapasiteit.

(e) ***Prestasie of Potensiaal om te presteer:*** Waar moontlik en relevant, word finansiële en visvangprestasie, waardetoevoeging, ondernemingsontwikkeling en werkskepping, asook nakoming van die WLMH, die regulasies permitvoorwaardes, en ander regsvereistes in ag geneem.

6.3 Die toekenningsproses

(a) Openbare deelname aan beleidsformulering

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme het 6 Izimbizos in kusgemeenskappe gehou gedurende die tweede helfte van 2004. Hierdie vergaderings was die informele begin van 'n proses om die publiek te raadpleeg oor die toekenning van langtermyn visvangregte.

Die formele proses van openbare konsultasie het bestaan uit 'n kennisgewing-en-kommentaar proses met betrekking tot beide die Algemene beleid asook die Vissery-spesifieke beleidstukke. 'n Volle verslag aangaande die publieke deelname proses sal beskikbaar gestel word by www.mcm-deat.gov.za . Kortliks, aan die begin van Maart 2005, het die Departement 'n konsepweergawe van hierdie Algemene beleid asook 'n konsep Vissery-spesifieke beleid vir elke sektor gepubliseer. Geinterreseerde en belanghebbende partye was uitgenooi om kommentaar te lewer op die beleidstukke. Belanghebbendes in die onderskeie visserye kom egter van uiteenlopende agtergronde en dit was dus onvanpas om hulle almal op dieselfde wyse te betrek. Buiten die algemene kennisgewing-en-kommentaar prosedure, en ten einde partye in die tradisionele visserye te help om kommentaar te lewer, is 'n reeks openbare vergaderings gehou waar die voorgestelde beleide bespreek is, vrae beantwoord is en sienswyses van die gehoor genotuleer is. Geaffekteerde en belanghebbende partye sal ook die geleentheid gegee word om oor voorgestelde aansoekvorms kommentaar te lewer.

(b) Toekenningsproses per Groep bepaal

Vir die doeleindes van die langtermyn regtetoekenningproses, word die 19 visvangsektore in vier groepe saamgroepeer vir die beoordeling van aansoeke vir visvangregte. Die doel van die saamgroepering van die visserye is administratief, prosedureel en, tot 'n mindere mate, substantief. Verskillende kriteria en gewigte mag egter aangewend word in sektore wat binne dieselfde groep val. Die Groepe is:

Groep A

- Diepsee stokvistreil
- AanlandigeStokvis kustreil
- Maasbankers
- Klein Pelagiese
- Patagoniese Tandvis
- Suidkus-kreef
- KwaZulu-Natal steurgarnaal treil
- Suidkuskreef;
- KwaZulu-Natal Prawn Trawl.

Groep B

- Stokvis langlyn
- Weskus-kreef (aflandig)
- Inkvis
- Seewier
- Tuna Paal
- Bodem- haaie

Groep C

- Stokvis handlyn

  Weskus-kreef (kuslyn)

Groep D

- Netvis (Treknet, Kiefnet en Strandseënnet)
- KwaZulu-Natal Strandseënnet
- Oesters en
- Witmossels

(c) Kommunikasie

Die Minister, beamptes van die Departement en die gedelegeerde owerheid sal nie met individuele aansoekers kommunikeer oor hulle aansoeke gedurende die aansoekperiode, anders as op die wyse beskryf in hierdie Algemene Beleid nie. Aansoekers of hulle verteenwoordigers mag ook nie met die Minister, die gedelegeerde owerheid of beamptes van die Departement kommunikeer nie, behalwe op die wyse uiteengesit in hierdie Algemene Beleid nie . Daar mag geensins staatgemaak word op enige inligting wat gegee is of verkry is op enige ander wyse nie. Pogings om die besluit van die gedelegeerde owerheid of die appélowerheid rakende die toekenning van 'n reg of kwantum of poging te beinvloed sal 'n onafhanklike basis wees vir die afwysing van 'n aansoek of 'n appél.

Groepe A en B

Tensy anders bepaal in hierdie Algemene beleid, mag kommunikasie tussen die Minister, die gedelegeerde owerheid en die Departement aan die een kant, en aansoekers aan die ander, slegs plaasvind deur middel van 3 meganismes in die **Groepe A en B** sektore:

- Elektroniese Media: Beleidsdokumente en ander materiaal sal gepubliseer word op die webruimte, www.mcm-deat.gov.za. Elektroniese-pos verspreidingslyste sal geskep word ten einde direk met aansoekers te kommunikeer. Gedurende die aansoekperiode sal navrae en vrae ter opheldering deur middel van e-pos beantwoord word. Daar sal geen kommunikasie op 'n private individuele basis plaasvind nie. Alle navrae en vrae wat ontvang is, en die reaksie daarop, sal saamgestel word en dan gelyktydig aan alle geregistreerde aansoekers gestuur word. Die inligting sal ook op die webruimte beskikbaar wees.
- Staatskoerant: Alle beleide, uitnodigings om aansoek te doen en algemene kennisgewings sal in die staatskoerant gepubliseer word.
- Erkende Bedryfsliggame en Belangegroepe: Beleide en ander materiaal sal sirkuleer word deur erkende bedryfsliggame en belangegroepe.

Groepe C en D

Tensy anders bepaal in hierdie Algemene beleid, mag kommunikasie tussen die Minister, die gedelegeerde owerheid en die Departement aan die een kant, en aansoekers aan die ander, slegs plaasvind deur middel van 6 meganismes in die **Groepe C en D** sektore:

- Elektroniese media: Beleide en ander materiaal sal publiseer word op die webruimte, www.mcm-deat.gov.za.
- Staatskoerant: Alle beleide, uitnodigings om aansoek te doen en algemene kennisgewings sal in die staatskoerant publiseer word.
- Erkende Bedryfsliggame en Belangegroepe: Beleide en ander materiaal sal sirkuleer word deur erkende bedryfsliggame en belangegroepe.
- Inbelsentrum: Die Departement het 'n inbelsenstrum geskep met beamptes om navrae te beantwoord oor die regtetoekennings.
- Klientedienssentrum: Die Departement het 'n klientedienssentrum in Kaapstad gevestig.
- Departementele beamptes sal bystand verleen aan aansoekers by die verspreidings- en indieningspunte en sal vergaderings hou by verskeie geadverteerde lokale langs die kus, waar die aansoekproses verduidelik sal word.

(d) Taal

In **Groep A** sal die beleide en verduidelikende notas beskikbaar wees in Engels en Afrikaans.

In **Groepe B, C en D** sal die beleide en verduidelikende notas beskikbaar wees in Engels, Afrikaans, isiXhosa en isiZulu.

In geval van konflik, sal die Engelse teks van 'n beleid of verduidelikende nota voorrang geniet.

(e) Uitnodiging om vir regte aansoek te doen

Uitnodigings om vir kommersiële regte aansoek te doen sal in die Staatskoerant gepubliseer word. Die Departement sal ook verseker dat kennisgewings geplaas word op die Departement se webruimte en in streekskoerante.

Uitnodigings geplaas in die Staatskoerant sal uit die volgende dele bestaan:

- 'n Kort uitnodiging om vir die betrokke visvangreg aansoek te doen binne 'n spesifieke tydperk.
- Die Vissery-spesifieke beleid.
- 'n Voorbeeld van die toepaslike aansoekvorm, met 'n stel instruksies, verduidelikende notas, en die notas tot die bylaes van dokumente wat ingedien moet word.

Die uitnodiging sal nie hierdie Algemene beleid ook insluit nie. Aansoekers sal egter met ‘n afskrif van hierdie beleid voorsien word op versoek. Uitnodigings sal op ‘n groepsbasis versprei word.

(f) Aansoekvorms

Elke vissery sal ‘n aparte aansoekvorm hê wat ontwerp is om die inligting in te win wat relevant geag word ten einde aansoeke vir die betrokke visvangreg effektief te beoordeel. Aansoekvorms sal ontwerp word met inagneming van die betrokke vissery-groep en die vissery.

Voorgestelde aansoekvorms sal publiseer word vir kommentaar op die webruimte www.mcm-deat.gov.za., as deel van die publieke deelname proses.

(g) Verspreiding van aansoekvorms en betaling van aansoekfooie

Groep A

In **Groep A** sal daar van aansoekers verwag word om die Departement se webruimte te besoek en ‘n kort stel biografiese inligting, soos naam, maatskappy registrasienommer, kontakbesonderhede en so meer in te dien. By voltooing hiervan sal die aansoeker ingelig word oor hoe om die aansoekfooie te betaal.

Daar sal van aansoekers verwag word om aansoekfooie te betaal voordat ‘n aansoekvorm uitgereik sal word. Aansoekfooie moet direk in die aangewese bankrekening van Regte Verifikasie Eenheid rekening betaal word. By ontvangs van die bewys van betaling sal die aansoeker toegelaat word om ‘n aansoekvorm in kompakskyf (“CD”) formaat by die hoofkantoor van die Regte Verifikasie Eenheid af te haal tesame met die nodige sagteware om die vorm te benut.

Groep B

Harde-kopie aansoekvorms sal versprei word by ‘n voorgeskrewe lokaal in Kaapstad. Daar sal van aansoekers vereis word om die voorgeskrewe fooi in die aangewese bankrekening van die Regte Verifikasie Eenheid te deponeer en om bewys van betaling (‘n oorspronklike depositostrokie of bevestiging van elektroniese betaling) by die verspreidingslokaal te lewer voor die aansoekvorm afgehaal word. Daar sal van aansoekers verwag word om ‘n kort stel biografiese inligting, soos naam, maatskappy registrasienommer, kontakbesonderhede en so meer, by die verspreidingspunt te verskaf. Na afhandeling hiervan en teen bewys

van die deponering van die aansoekfooi, sal 'n genommerde harde-kopie aansoekvorm aan aansoekers voorsien word.

Groepe C en D

In **Groepe C en D** sal aansoekvorms by verskeie geadverteerde rstreekslokale langs die kus versprei word. Daar sal van aansoekers vereis word om die voorgeskrewe aansoekfooi in die aangewese bankrekening van die Regte Verifikasie Eenheid se rekening te deponeer en om bewys van betaling ('n oorspronklike depositostrokie of bevestiging van elektroniese betaling) by die verspreidingslokaal te lewer voor die aansoekvorm afgehaal word. Daar sal van aansoekers verwag word om 'n kort stel biografiese inligting, soos naam, identiteitsnommer, beslote korporasienommer (indien van toepassing), kontakbesonderhede en so meer, by die verspreidingspunt te verskaf. Na afhandeling hiervan en teen bewys van die deponering van die aansoekfooi, sal 'n harde-kopie aansoekvorm aan aansoekers voorsien word.

(h) Aansoekfooie

Die Minister, in oorleg met die Minister van Finansies, is verantwoordelik vir die vasstelling van die aansoekfooie. Die beleid rakende die aansoekfooie sal vasgestel word na 'n afsonderlike publieke deelname proses.

(i) Verifikasie deur Ouditeurs

Daar sal van aansoekers in **Groep A** vereis word om van die dienste van onafhanklike ouditeurs te gebruik ten einde die inligting vervat in sekere dele van hulle aansoekvorms te verifieer. Die relevante professionele liggaam sal prosedures vir die verifikasieproses vasstel. Hierdie is nie van toepassing op **Groepe B, C en D** nie.

(j) Ontvangs van aansoekvorms

In **Groep A** sal daar van aansoekers vereis word om die voltooide CD, gedrukte weergawes, bylaes en kopieë by 'n aangewese lokaal en gedurende 'n voorgeskrewe periode, per hand in Kaapstad in te dien.

In **Groep B** sal daar van aansoekers vereis word om die voltooide aansoekvorms, bylaes en kopieë by 'n aangewese lokaal en gedurende 'n voorgeskrewe periode, per hand in Kaapstad in te dien.

In **Groep C** sal daar van aansoekers vereis word om die voltooide aansoekvorms, bylaes en kopieë by ‘n vooraf geadverteerde regionale ontvangspunte langs die kuslyn gedurende ‘n voorgeskrewe periode, in te dien.

In **Groep D** sal daar van aansoekers vereis word om die voltooide aansoekvorms, bylaes en kopieë by ‘n vooraf geadverteerde regionale ontvangspunte langs die kuslyn gedurende ‘n voorgeskrewe periode, in te dien. Die ontvangspunte sal dieselfde wees as die verspreidingspunte en verspreiding en ontvangs sal by dieselfde lokaal en gedurende dieselfde periode plaasvind.

(k) Afskrifte

Groep A

Daar sal van aansoekers in **Groep A** verwag word om hul aansoekvorm elektronies in te vul en dit te stoor op die CD’s wat verskaf word vir hierdie doel. Daar sal van aansoekers vereis word om ‘n harde-kopie weergawe van die voltooide aansoekvorm uit te druk. Die gedrukte weergawe moet onderteken word en die deklarasie moet bevestig word voor ‘n kommisaris van ede. Hierdie weergawe moet dan fotokopieer word. In totaal, sal daar van aansoekers verwag word om per hand, by die voorgeskrewe lokaal en tydsperiode, in te dien:

- Een afskrif van die elektroniese weergawe van die aansoekvorm, gestoor op die CD verskaf vir hierdie doel;
- ‘n Uitgedrukte weergawe van die elektroniese weergawe, behoorlik onderteken en bevestig voor ‘n kommisaris van ede, met die nodige skedules in die vorm van bylaes; en
- ‘n Afskrif van die getekende en bevestigde weergawe van die aansoek, met bylaes.

Groepe B, C en D

Daar sal van die aansoeker of sy gemagtigde verteenwoordiger vereis word om, na voltooing van die aansoekvorm die deklarasie te onderteken en te bevesig voor ‘n kommisaris van ede. Die aansoekvorm en bylaes moet gekopieer word en beide die oorspronklike asook die afskrif moet ingedien word.

(l) Ontwerp van kriteria en lading

Inligting wat aansoekers indien sal op ‘n databasis ingevoer word. Die beleidsdokumente, die databasis en die inligting wat by wyse van bylaes ingedien is, sal gebruik word vir die ontwikkeling van gedetailleerde kriteria en

gewigte vir elke sektor vir doeleindes van die evaluering van die aansoeke en daarna die toekenning van kwantum of poging.

(m) Inligting wat oorweeg sal word

Die volgende benadering sal deur die gedelegeerde owerheid en die appèlowerheid gevolg word oor inligting wat in aanmerking geneem word by evaluering van aansoeke:

(i) Gedeeltes van die aansoekvorm nie voltooi

Tensy anders bepaal, indien 'n gedeelte van die aansoekvorm nie voltooi is nie, sal veronderstel word dat daardie gedeelte van die vorm nie op die aansoeker van toepassing is nie. Indien die afdeling positiewe punte vir die antwoord het, sal geen punte toegeken word nie.

'n Spesifieke teken (die "waarskuwingsteken") sal gebruik word om aan te dui waar, indien onvoltooid gelaat, 'n antwoord negatief vir die aansoeker aanvaar sal word. Byvoorbeeld, indien oopgelaat, sal daar aanvaar word dat die aansoeker "ja" antwoord op 'n vraag soos: "Is u ooit skuldig bevind aan 'n oortreding van die WLMH?" Die waarskuwingsteken kan ook gebruik word om aan te dui dat indien die antwoord op 'n positief-gestelde of 'n oop vraag onvoltooid gelaat word, veronderstel sal word dat die aansoeker die vraag negatief beantwoord het. Byvoorbeeld, indien onvoltooid gelaat, word veronderstel dat die aansoeker "nee" antwoord het op 'n vraag soos "Was u deel van die bemanning van 'n vaartuig wat in 'n beperkte of 'n vol kommersiële visvangbedryf gewerk het?"

(ii) Laat inligting

Inligting wat na die sluitingsdag ingedien word sal nie in aanmerking geneem word nie, tensy aangevra deur die Regte Verifikasie Eenheid, die gedelegeerde owerheid of die Minister of as deel van die regtetoekenningsproses of die appel proses. Die benadering tot die indiening van addisionele inligting op appél word hieronder beskryf.

(iii) Inligting van eksterne bronne

Nadelige inligting oor 'n aansoek wat van eksterne bronne ontvang word, sal nie deur die Minister of gedelegeerde owerheid oorweeg word voordat die aansoeker die geleentheid gegee is om vertoë oor die inligting te maak nie.

(iv) Gebruik van departementele databasis

Die Minister of gedelegeerde owerheid mag inligting op die Departement se databasisse gebruik gedurende die proses van langtermyn regtetoekenning, maar sal dit doen slegs tot die mate waarin aansoekers die geleentheid gegee is om vertoë te maak oor die korrektheid van die inligting

(v) Indiening van vals inligting of dokumente en nie-openbaarmaking

Daar sal van aansoekers of gemagtigde verteenwoordigers verwag word om in die teenwoordigheid van 'n kommissaris van ede te verklaar, onder meer, dat hulle nie vals inligting of vals dokumente ingedien het nie en dat hulle nie versuim het om wesentlike inligting te verskaf nie. Die indiening van vals inligting of vals dokumente of die nie-openbaarmaking van wesenlike inligting sal 'n onafhanklike rede wees om 'n aansoek te weier.

Daar sal veronderstel word dat 'n aansoeker vals inligting verstrek het, indien daar 'n wesentlike verskil is tussen die inligting wat die aansoeker verstrek en die inligting op die databasis van die Departement en waar albei weergawes nie korrek kan wees nie. Verder sal veronderstel word dat 'n aansoeker vals inligting verstrek het wanneer daar 'n wesentlike verskil is tussen die inligting wat die aansoeker in die oorspronklike aansoek verstrek en die inligting wat die aansoeker verskaf op appèl en waar albei weergawes nie korrek kan wees nie.

Verder behels die maak van 'n valse stelling in 'n verklaring bevestig voor 'n Kommissaris van Ede, wetend dat die stelling vals is, 'n kriminele oortreding.

(vi) Afskrifte van dokumente

Daar sal nie van aansoekers vereis word om enige afskrif te laat sertifiseer as 'n ware afskrif van die oorspronklike nie, maar daar sal aanvaar word dat enige afskrif 'n presiese weergawe van die oorspronklike is.

(m) Aanvra van verdere inligting, ondersoeke en oorlegpleging

Die Minister of gedelegeerde owerheid mag aansoekers nooi om mondelinge voorleggings te doen of om verdere geskrewe inligting te verskaf indien daar onsekerheid bestaan oor 'n wesentlike aspek in 'n aansienlike aantal aansoeke. Wanneer mondelinge onderhoude gehou word, sal regsverteenwoordigers toegelaat word om die Minister of gedelegeerde owerheid toe te spreek.

Die Minister of die gedelegeerde owerheid mag die Regte Verifikasie-eenheid versoek om enige aangeleentheid te ondersoek insluitend die korrektheid van enige inligting wat verskaf is. Daar sal van aansoekers verwag word om met die ondersoekbeamptes saam te werk deur betyds antwoorde op skriftelike versoeke vir inligting or verduidelikings in te dien, deur vergaderings met ondersoekbeamptes by te woon en deur vrae op bevredigende wyse by sulke vergaderings te beantwoord, en waar nodig, deur aan ondersoekbeamptes toegang tot persele, vaartuie en dokumente, te verleen. Die versuim om saam te werk sal 'n aparte grond daarstel om 'n aansoek te weier.

(o) Ondersteuning vir gedelegeerde owerhede

Die gedelegeerde owerheid verantwoordelik vir die besluite oor die aansoeke in 'n sektor mag bygestaan word deur 'n "*Advieskomitee*", asook deur professionele projekbestuurders, konsultante en regspraktisyns. Die rol van die Advieskomitees sal vasgestel word deur die gedelegeerde owerheid. Die Advieskomitee mag gevra word om bystand te verleen by die beoordeling van aansoeke, onder die toesig van, en in ooreenstemming met die kriteria en gewigte vasgestel deur die gedelegeerde owerheid.

(p) Voorlopige lyste

Die gedelegeerde owerheid mag voorlopige lyste vir kommentaar oor enige aspek in enige sektor uitreik. Die gedelegeerde owerheid mag byvoorbeeld in **Groepe C en D** kommentaar aanvra oor of die voorlopige suksesvolle aansoekers afhanklik is van die bron en op die sterkte van antwoorde ontvang 'n finale besluit neem.

Die gedelegeerde owerhede vir **Groepe A en B** visserye kan voorleggings uitnooi rakende die beoordeling van die aansoeke voordat 'n finale besluit geneem word. In hierdie sektore, mag die gedelegeerde owerhede oorleg pleeg met geinterreseerde en belanghebbende partye oor die metode vir die toekenning van kwantum of vangspoging voordat hierdie besluite geneem word.

(q) Kennisgewing van besluite en die redes

Nadat die gedelegeerde owerheid besluite geneem het rakende die toekenning van regte en kwantum of vangspoging sal die Departement die aansoeker skriftelik kennis gee van die besluit wat geneem is oor die aansoek. Verder sal die Departement die resultate elektronies deur erkende bedryfsliggame en belangegroepe publiseer.

Onsuksesvolle aansoekers

Onsuksesvolle aansoekers sal die volgende ontvang, tesame met die brief waarin hulle oor die besluit oor die aansoek meegedeel word:

- Die Algemeen Gepubliseerde Redes waarin die kriteria, die besluitnemingsproses en die metode in verband met besluite oor kwantum of vangspoging opgeteken word;
- ‘n Spesifieke rede waarom die aansoek onsuksesvol was;
- ’n Appèlvorm wat aansoekers moet indien saam met die appèl;
- ’n Kennisgewing van die sluitingsdatum, besonderhede van die appélowerheid en ander formele vereistes vir die indiening van appélle; en
- ’n Afskrif van enige finale telkaart wat gebruik is om die aansoek te evalueer.

Verder sal die volgende dokumente automaties beskikbaar wees vir insae of te koop teen betaling van die voorgeskrewe fooi :

- Die Spreiblad van Besluite wat ‘n opsomming van die beoordeling van al die aansoeke in ‘n sektor bevat;
- Finale telkaarte van ander aansoekers; en
- Die besluitnemingslys van die gedelegeerde owerheid of die Minister.

Die spesifieke rede vervat in die kennisgewingsbrief aan onsuksesvolle aansoekers, saam met die Algemene Gepubliseerde Redes, die finale telkaart en inligting wat outomaties beskikbaar is, behels die redes vir die besluit om ‘n aansoek te weier.

Suksesvolle aansoekers

Suksesvolle aansoekers sal die volgende ontvang saam met die brief wat hulle inlig oor die besluit oor hulle aansoek:

- Die Algemene Gepubliseerde Redes waarin die kriteria, die besluitnemingsproses en die metodologie wat betrekking het op besluite oor kwantum en vangspoging opgeteken sal word;
- ‘n Appélvorm, wat aansoekers moet indien te same met ‘n appél oor kwantum of poging;

- ‘n Kennisgewing oor die sluitingsdatum, die besonderhede van die appélowerheid en ander formele vereistes vir die indiening van appélle;
- ’n Afskrif van enige finale telkaart wat gebruik is om die aansoek te evalueer; en
- ‘n Stel generiese permitvoorwaardes wat van toepassing is op die spesifieke vissery;

Verder, sal die volgende dokumente automaties beskikbaar wees vir insae of te koop teen betaling van die voorgeskrewe fooi :

- Die Spreiblad van Besluite wat ‘n opsomming van die beoordeling van al die aansoeke in ‘n sektor bevat;
- Finale telkaarte van ander aansoekers; en
- Die besluitnemingslys van die gedelegeerde owerheid of die Minister.

Die Algemene Gepubliseerde Redes, die finale telkaart en die inligting wat outomaties beskikbaar is, behels die redes vir die besluit om ‘n kommersiële visvangreg toe te staan en die toekenning van kwantum en vangspoging.

(r) Appélle

Elke aansoeker het die reg om appél aan te teken teen die besluite van die gedelegeerde owerheid. Die appél kan aangeteken word teen die besluit om nie ‘n reg toe te ken nie of teen die toekenning van kwantum en vangspoging. Besonderhede oor die indiening van appélle sal in die kennisgewingbrief vervat wees.

Die appélowerheid sal die feite beoordeel soos hulle was op die sluitingsdatum vir die indiening van aansoeke en sal nie feite in aanmerking neem wat daarna onstaan het nie. Byvoorbeeld, as ‘n aansoeker ‘n belegging in ‘n vaartuig gemaak het na die sluitingsdatum vir die indiening van aansoeke sal hierdie feit nie in ag geneem word wanneer die appél oorweeg word nie.

Nadat ‘n besluit geneem is, sal die aansoeker skriftelik in kennis gestel word van die appél owerheid se besluit.

(s) Toegang tot inligting

Die volgende rekords sal outomaties beskikbaar wees vir insae of te koop teen die voorgeskrewe fooi nadat die resultate aangekondig is:

- Enige telkaart, spreiblad of ander dokument wat deur die gedelegeerde owerheid, die Minister, of hulle assistente by die beoordeling van die aansoeke gebruik is;
- Op versoek van die aansoeker of sy gemagtigde verteenwoordiger, die aansoeker se eie aansoek of appél dokumentasie.

Versoeke vir toegang tot die volgende rekords sal hanteer word volgens die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000:

- Die aansoekvorm van 'n ander aansoeker;
- Die bylaes ingedien saam met die aansoek van 'n ander aansoeker;
- Appéldokumentasie ingedien deur 'n ander aansoeker.

Met betrekking tot die toegang tot hierdie rekords sal die Departement se inligtingsbeampte (die Hoofdirekteur: Bron en Kusbestuur) die prosedures en bepalings van die WBTI toepas. Ten einde te help met die administrasie van toegang tot inligting aansoeke, sal daar van aansoekers verwag word om sekere dokumente waartoe die inligtingsbeampte toegang kan weier, soos byvoorbeeld visvangplanne, bemarkingsplanne en finansiële state, in 'n aparte leêr in te dien.

6.4 Besluitneming

Alle besluite sal gebaseer word op toepaslike wette en gelei word deur die toepaslike beleidsdokumente. Die beleidsdokumente en die databasis wat opgestel is na die aansoeke ontvang is, sal gebruik word om meer verfynde kriteria en gewigte vir die evaluering van die aansoeke te ontwikkel. Hierdie kriteria word ontwikkel met verwysing na data ontvang na die sluitingsdatum en word gevolglik nie voor die toekenningsproses vrygestel nie.

(a) Kriteria wat gebruik word om besluite te neem oor die toekenning van regte

Die Departement verwag 'n groot aantal aansoeke vir langtermyn regte en voorsien dat, gegewe die huidige beperkings op vangste of visvangpoging in al die visserye, nie alle aansoekers regte sal ontvang nie. Party aansoekers sal afgewys word omdat hulle nie aan die minimum vereistes voldoen nie. Die res van die

aansoekers sal in ‘n ranglys ingedeel word volgens ‘n stel objektiewe kriteria ten einde die beste aansoekers te identifiseer in terme van die beleidsdokumente en die gelaaide kriteria. Die proses is mededingend en die doel is om die beste aansoekers te identifiseer.

Vier tipes kriteria sal gebruik word om die aansoeke te evalueer.

Aansoeke sal nagegaan word volgens ‘n stel “*uitsluitingkriteria*”, en daarna in ‘n ranglys ingedeel word volgens ‘n stel “*gelaaide balanseringskriteria*”. Verder mag die gedelegeerde owerheid in sommige sektore een of meer van ‘n aantal “*valbylfaktore*” in aanmerking neem ten einde ‘n besluit te neem, indien daar te veel aansoekers met dieselfde punte is. ‘n Proporsie van die TTV of TOV sal dan toegeken word aan elke suksesvolle aansoeker ingevolge ‘n stel “*kwantumkriteria*”.

(i) Uitsluitingkriteria

Drie tipes uitsluitingskriteria sal ingespan word.

Ten eerste sal ‘n aansoek nagegaan word om vas te stel of dit behoorlik ingedien is. ‘n Aansoek is onbehoorlik ingedien wanneer dit laat ontvang is; indien die aansoeker nie die aansoekgeld betaal het nie, of te min of laat betaal het; of indien dit ingedien is op ‘n wyse teenstrydig met die instruksies, soos per faks of op ‘n ander vorm as die amptelike voorgeskrewe vorm. Die gedelegeerde owerheid en Minister het geen diskresie om nie-voldoening aan die indieningsvereistes te verskoon nie.

Tweedens sal die aansoek nagegaan word om te bepaal of dit lei aan ‘n wesentlike tekortkoming. ‘n Aansoek lei aan ‘n wesentlike tekortkoming, indien die verklaring nie deur die aansoeker onderteken is nie; of indien die aansoeker se verklaring nie deur ‘n kommissaris van ede beëdig is nie; of indien meer as een aansoek van die aansoeker ontvang is vir ‘n visvangreg in dieselfde sektor; of indien die aansoeker vals inligting of vals dokumente verskaf het of versuim het om wesentlike inligting te openbaar, of probeer het om die Minister of gedelegeerde owerheid gedurende die aansoekperiode te beinvloed op ‘n wyse waarvoor nie voorsiening gemaak word in hierdie Algemene beleid nie. In Groep A, word daar verwag dat onafhanklike ouditeure sekere antwoorde van die aansoeker verifieer en om ‘n verslag voor te berei en te onderteken in hierdie verband. Indien die aansoeker staatmaak op inligting voorsien deur ‘n houermaatskappy of ander lede van ‘n groep van maatskappy of gesamentlike onderneming, word daar van die gemagtigde verteenwoordigers van hierdie entiteite verwag om ‘n verklaring te teken en te laat beëdig. Die aansoek sal ook lei aan ‘n wesentlike tekortkoming indien die verslag van die onafhanklike ouditeur nie voorsien word en onderteken is nie (indien van toepassing) of indien die gemagtigde verteenwoordiger van die houermaatskappy, lid van ‘n groep van

maatskappy of gesamentlike ondernemingsvennoot se verklaring nie geteken en beëdig is nie. Die gedelegeerde owerheid en Minister het geen diskresie om nie-voldoening aan die vereistes oor wesentlike tekortkominge te verskoon nie.

Derdens, sal 'n aansoek nagegaan word om vas te stel of die aansoekers aan die minimum noodsaaklike vereistes voldoen om deel te neem in die sektor. Die gedelegeerde owerheid en Minister het geen diskresie om nie-nakoming van 'n noodsaaklike vereiste vir deelname aan die sektor te verskoon nie. Die noodsaaklike vereistes verskil van sektor tot sektor. Byvoorbeeld in die vorige toekenningsproses vir perlemoen-duikers, moes aansoekers aantoon, onder andere, dat die aansoeker 'n gekwalifiseerde duiker is en gesertifiseer is as Klas 1 (met oppervlakte-voorsiening), II of III Kommersiële Duiker ingevolge regulasie 14 van die regulasies uitgevaardig ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (AK Regulasie 10 van 11 Januarie 2002).

(ii) Balanseringskriteria: nuwe inkomelinge en bestaande regtehouers

Aansoeke wat behoorlik ingedien is, nie lei aan wesentlike tekortkominge nie en aan die noodsaaklike vereistes voldoen sal ingevolge 'n stel balanseringskriteria gemeet word ("*die balanseringskriteria*"). Die balanseringskriteria sal gelaai word vir doeleindes van die samestelling van 'n ranglys van aansoekers. Sommige van die kriteria, soos transformasie, sal oor al die sektore van toepassing wees, terwyl ander sektor-spesifiek sal wees.

Die aansoeke van medium termyn regtehouers sal nie beoordeel word in terme van dieselfde kriteria en gewigte as potensiële nuwe inkomelinge en aparte rangordes sal opgestel word. Afsnypunte sal dan apart vasgestel word vir medium termyn regtehouers en potensiële nuwe inkomelinge. Alle aansoekers met punte wat gelyk staan aan of meer is as die afsnypunt sal regte ontvang.

(iii) Valbyl faktore

Indien daar te veel aansoekers met dieselfde punte is, mag die besluitnemer valbyl kriteria in werking stel ten einde tussen die aansoekers met dieselfde punte te kies.

(b) Kriteria vir die toekenning van kwantum of poging

Daar word twee aparte besluite geneem. Nadat die besluit geneem is wat die suksesvolle aansoekers identifiseer sal die gedelegeerde owerheid kwantum toeken aan elke suksesvolle aansoeker volgens die benadering wat in paragraaf 7.2 hieronder beskryf word.

DEEL C: DWARSSNYDENDE BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN REGTE EN KWANTUM

7. Beleidsoorwegings

Hierdie Algemene Beleid moet saamgelees word met die Vissery-spesifieke beleidsdokumente wat vir elke vissery aangeneem is. Laasgenoemde geniet voorkeur oor eersgenoemde, indien dit meer spesifiek is met betrekking tot ‘n sekere sektor.

Die beleidsoorwegings hieronder uiteengesit, tesame met die databasis wat saamgestel word nadat aansoeke ontvang is, sal die gedelegeerde owerheid lei in die ontwikkeling van gedetaileerde uitsluitingskriteria, die balanseringskriteria vir medium termyn regtehouers en nuwe inkomelinge en die valbyl faktore. Die vissery-spesifieke beleid sal verdere leiding in hierdie verband verskaf.

Hierdie algemene beleid en die vissery-spesifieke beleide lê nie rigiede en onwrikbare reëls neer nie en dek nie elke aspek en oorweging wat in ag geneem sal word in die bepaling en toepassing van kritieria vir balansering, valbyl, kwantum en vangspoging nie. Gedelegeerde owerhede sal gemagtig word om kriteria te ontwikkel en te verfyn solank dit afgelei kan word en konsekwent is met die toepaslike wette, hierdie Algemene beleid asook die toepaslike vissery-spesifieke beleid.

Tensy die teendeel aangedui word in die aansoekvorm sal slegs inligting wat betrekking het op die aansoeker aangevra word. Met betrekking tot transformasie, werkskepping en investering en ander aspekte, mag aansoekers wat deel vorm van ‘n groep maatskappye of gesamentlike ondernemings gevra word om inligting rakende die groep of gesamentlike onderneming in te dien (en nie slegs inligting oor die aansoeker nie).

7.1 Tydsduur van regte

Langtermyn visvangregte vir ‘n periode van tot 15 jaar sal in al die kommersiële visserye toegeken word, behalwe in die Oester- en Witmosselvisserye, wat in ‘n vroeë stadium van ontwikkeling is.

Die tydsduur van die regte sal bepaal word deur, onder andere, die vlak van transformasie in die vissery, die huidige kennis oor die biologiese status van die teikenspesies; die kapitaalintensiteit van die vissery en die behoefte om verdere belegging en ekonomiese groei aan te moedig, en die prestering van die vissery.

7.2 Vorm van die regtehouer

Artikel 18 van die WLMH bepaal dat slegs Suid-Afrikaanse persone visvangregte mag hou. Artikel 1 van die WLMH omskryf ‘n Suid-Afrikaanse persoon as ‘n Suid-Afrikaanse burger of maatskappy, beslote korporasie of trust. Visvangregte mag dus nie aan vennootskappe, assosiasies, gesamentlike ondernemings, gemeenskaps-assosiasies, of koöperasies toegeken word nie.

In terme van hierdie beleid, sal kommersiële visvangregte slegs aan individue (natuurlike persone) in die Groep C en Groep D visserye toegeken word, behalwe in die stokvis handlyn- en KZN Strandseënnetsektore , waar beslote korporasies ook sal kwalifiseer. Individue wat lede was van beslote korporasies, aandeelhouers in maatskappye en begunstigdes van trusts, toe daar aan hierdie entiteite mediumtermynregte toegeken is gedurende 2001 en 2002 in groep C en D visserye (behalwe stokvis handlyn en KZN Strandseënnet) sal geag word mediumtermyn regtehouers te wees vir doeleindes van die langtermyn regtetoekenningsproses. Die gedelegeerde owerheid mag ander individue as mediumtermyn regtehouers beskou indien hulle, byvoorbeeld, beheer verkry het oor ‘n medium termyn reg deur ‘n oordrag goedgekeur deur die verantwoordelike owerheid.

In terme van hierdie beleid, is kommersiële visvangregte in Groep A en Groep B visserye slegs aan entiteite toegeken word wat ingelyf ingevolge die Maatskappyewet 61 van 1973 en die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1973. Medium termyn regtehouers wat in die vorm van trusts of koöperasies of eenmanssake bedrywig is, moet stappe neem voor die toekenningsproses om na ‘n beslote korporasie of ‘n maatskappy om te skakel en die nuwe entiteit as die aansoeker nomineer. Die genomineerde beslote korporasie of maatskappy sal behandel word as ‘n bestaande regtehouer, met dien verstande dat so ‘n aansoeker kan aantoon dat die nuwe beslote korporasie of maatskappy die enigste opvolger van die vorige regtehouer sal wees. ‘n Reg sal toegeken word aan die nuwe entiteit en nie aan die individu of die trust nie. Hierdie beleid beteken nie dat ‘ n trust verhoed word om aandele in ‘n aansoeker of regtehouer te hou nie.

In sommige visserye, sal aansoekers aangemoedig word om na die toekenningsproses saam te smelt of om hulpbronne te deel. Verdere besonderhede sal in die Vissery-spesifieke beleidsdokumente verstrek word.

7.3 Transformasie

Die WLMH vereis van besluitnemers om die behoefte vir die herstrukturering van die visvangbedryf in ag te neem ten einde historiese wanbalanse aan te spreek en billikheid in al die takke van die visvangbedryf te bereik. Transformasie is ook 'n grondwetlike vereiste in Suid-Afrika. Die Breed-gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingswet 53 van 2003, is een van 'n aantal statutêre instrumente wat aan hierdie grondwetlike vereiste uiting gee. Hierdie wet maak voorsiening dat die Minister van Handel en Nywerheid deur kennisgewing in die Staatskoerant kodes van goeie praktyk oor swart ekonomiese bemagtiging kan uitvaardig. Konsepkodes oor sekere aspekte is gepubliseer vir kommentaar. Die kodes maak voorsiening vir 'n "*gebalanseerde telkaart*" om vordering en status in ondernemings te meet sowel as vir die aanname van transformasie-oktrooie vir spesifieke sektore in die ekonomie, deur hoofinsethouers in daardie sektore.

Die wet en konsepkodes is in ag geneem by die ontwikkeling van hierdie beleid en die vissery-spesifieke beleide. Vanweë die aard van die regtetoekenningsproses het die Minister van Omgewingsake en Toerisme tot op hede nog nie die aanname van oktrooie vir visvangsektore aangemoedig nie en is die gewigte en hoogtemerke gestel in die konsepkodes met betrekking tot eienaarskap en bestuur nie aangeneem nie. By die toekenning van visvangregte moet 'n besluitnemer aansoekers met mekaar, eerder as teen 'n eksterne hoogtemerk, vergelyk. Transformasie is 'n uiters belangrike oorweging in die vergelykende balanseringsproses. Die proses is mededingend en geen "*hoogtemerk*" kan vooraf vasgestel word nie. In 'n sektor wat nie voldoende getransformeer is nie sal aansoekers met hoër transformasie tellings as ander altyd 'n beter kans staan om 'n reg te ontvang of om 'n groter gedeelte van die beskikbare kwantum of vangspoging te ontvang. Die beleid is dat binne so 'n mededingende vergelykende proses, die aanneem van oktrooie en hoogtemerke nie altyd die gepaste wyse is om transformasie te bevorder nie.

Die beleid is om transformasie te bevorder en om te verbeter op die vlakke van transformasie wat behaal is gedurende die medium-termyn regtetoekenning. In die langtermyn regtetoekenningsproses sal slegs gehalte transformasie erken word, dit wil sê transformasie wat werklike voordele inhou vir histories benadeelde persone.

Persone is histories benadeel in die visvangbedryf ten opsigte van toegang tot regte op grond van hul ras. Dit is daarom nodig om die deelname van sulke histories benadeelde persone in alle takke van die visvangindustrie te bevorder. Dit is ook nodig om historiese wanbalanse reg te stel en om billikheid in die

visvangindustrie te bewerkstellig wat die deelname van vroue betref omdat hulle ook in die verlede gemarginaliseer is. In die toekenningsproses mag die ras en geslag van aansoekers, en in die geval van regspersone, die ras en geslag van die aansoeker se aandeelhouers of lede, bestuur, verskaffers en werkspan, dus in aanmerking geneem word. Verder mag korporatiewe maatskaplike belegging in aanmerking geneem word op die wyse hieronder beskryf.

In **Groep A**, sal daar van aansoekers verwag word om eksterne ouditeure te betrek vir die verifikasie van inligting in terme van 'n stel gestelde prosedures.

(a) Ras

Persone wat histories as "Swart", "Kleurling" en "Indiër" geklassifiseer is sal as histories benadeeld beskou word weens ras, met dien verstande dat hulle Suid-Afrikaanse burgers deur geboorte is of burgerskap verkry het voor 27 April 1994.

In **Groepe C en D** sal 'n vasgestelde aantal punte aan swart aansoekers toegeken word. Waar beslote korporasies kwalifiseer (stokvis handlyn en KZN Strandseënnet), sal aan die beslote korporasies 'n persentasie punte toegeken word met verwysing na die persentasie van die ledebelang in die beslote korporasie gehou deur swart persone. In **Groepe C en D** mag swart bestuur, diensbillikheid, regstellende aankope en korporatiewe maatskaplike belegging ook in aanmerking geneem word.

.

In **Groepe A en B** sal punte toegeken word vir swart eienaarskap en bestuur op wyse beskryf onmiddelikke hieronder.

(i) Eienaarskap

Voordelige eienaarskap van die aansoeker deur swart persone in die vorm van nie-beperkte stemregte en ekonomiese belange geassosieer met aandele eienaarskap, sal evalueer en in ag geneem word. By die vasstelling of stemregte en ekonomiese belang "*nie-beperk*" is mag die gedelegeerde owerheid konsep Kode 100 in aanmerking neem, wat vir kommentaar gepubliseer is in terme van die Breed-gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingswet. Die gewigte in die Kode uiteengesit sal nie gebruik word nie.

Die deurvloei-beginsel, voorgestel in Kode 100, mag ook gebruik word, indien toepaslik. Byvoorbeeld waar maatskappy A 20% aandele in maatskappy B hou en 10% van maatskappy A in besit is van die aangewese rassegroepe dra sy aandeel 2% van die besit van maatskappy B deur sodanige groep by. Waar maatskappy

A 55% van maatskappy B se aandele hou en maatskappy A is 60% in besit van die aangewese rassegroepe, dra dit 33% by tot B se besit deur swart persone.

Addisionele punte mag toegeken aan daardie aansoekers wat geslaag het om hul werknemers te bemagtig deur aandeledeelnameskemas, met dien verstande dat die aansoeker kan aantoon dat die werknemers werklike voordele (soos dividende) van die skema verkry het.

In die geval van aansoekers vir medium termyn regte (hetsy suksesvol of onsuksesvol), mag punte toegeken word vir beide huidige status en vordering gemaak. Die gedelegeerde owerheid mag 'n vlak van transformasie stel vir die toekenning van die maksimum aantal punte vir swart eienaarskap. Die maksimum aantal punte vir eienaarskap deur swart persone sal aan aansoekers toegeken word wat daardie vlak bereik het.

(ii) Bestuur

Die senior of uitvoerende bestuur van 'n aansoeker deur swart persone sal in ag geneem word. Senior of uitvoerende bestuur beskryf gewoonlik daardie persone wat verantwoordelik is vir leiding van die strategiese bedrywighede van die maatskappy wat regstreeks aan die besturende direkteur of die direksie rapporteer. Vir doeleindes van die langtermyn regtetoekenningsproses sal die bestuur van die aansoeker op drie wyses beoordeel word. Eerstens, indien beskikbaar, sal die inligting vervat in billikheidsverslae in aanmerking geneem word. Tweedens, sal die samestelling van die direksie in ag geneem word. Derdens, sal aansoekers inligting moet indien oor die top salaris verdieners van die aansoeker.

(b) Geslag

Indien prakties, sal voordelige eienaarskap en bestuur deur vroue in ag geneem word in **Groepe A en B**. In **Groepe C en D**, mag geslag in ag geneem word, byvoorbeeld as 'n valbyl factor.

(c) Diensbillikheid

Aansoekers wat volgens die reg moet voldoen aan die Wet op Diensbillikheid 55 van 1998 sal moet bewys dat hulle daaraan voldoen. Die aantal swart persone en vroue in diens van die aansoeker kan ook 'n balanseringskriterium wees. Meer punte sal toegeken word vir swart persone en vroue wat aan die hoër kant van die aansoeker se salarisskale of in professionele of in vaardige posisies in diens staan teenoor die laer kant en in onvaardige posisies. Daar kan byvoorbeeld van aansoekers verwag word om die persentasie persone van die aangewese rassegroepe en vroue in die top 10% van die salaristrekkers te spesifiseer,

tussen die top 10% en die top 30%, tussen die top 30% en die top 50% en onder die top 50% of om die aantal swart persone en vroue aangestel in professionele en ander vaardigheidsposisies aan te dui. Meer punte sal toegeken word waar swart persone en vroue in die top skale van verdienste eerder as in die laagste skale van verdienste in diens staan. Vanweë die rasgebaseerde struktering van die Suid-Afrikaanse werksplek, mag loonverskille in ag geneem word.

(d) Vaardigheidsontwikkeling

Daar sal van aansoekers verwag word om aan te toon dat hulle aan die Wet op Vaardigheid Ontwikkeling 97 van 1998 en Die Wet op Heffings op Vaardigheid Ontwikkeling 9 van 1999 voldoen. Indien ‘n aansoeker deelneem aan leerskapprogramme of proporsioneel meer bestee op die opleiding van swart persone, mag hierdie faktor in ag geneem word.

(e) Regstellende Aankope

Regstellende aankope (aankope van swart maatskappye) mag as ‘n faktor oorweeg word.

(f) Korporatiewe sosiale belegging

Die persentasie van netto wins wat op korporatiewe sosiale belegging spandeer is gedurende die vorige regte periode mag in ag geneem word. Belasting aftrekbare donasies sal geag word korporatiewe sosiale belegging te wees maar ander donasies mag ook in ag geneem word.

7.4 Multi-sektorale betrokkenheid

Oor die algemeen is dit nie ‘n beleidsoogmerk om die hou van regte in meer as een vissery te verhoed of te ontmoedig nie. Dit is egter onderhewig aan twee uitsonderings.

Eerstens sal regtehouers in die **Groep A en B** visserye (insluitende hulle beherende aandeelhouers of lede en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) nie toegelaat word om kommersiële regte in **Groep C en D** visserye te hou nie. Hierdie visserye word gereserveer vir klein- en medium-grootte ondernemings en individuele vissers wat op daardie voorraad vir hulle bestaan afhanklik is. Regtehouers in **Groep C en D** wat aandele of belange in **Groep A en B** na toekenning wil verkry mag toegelaat word om hulle **Groep C en D** regte aan ander natuurlike persone oor te dra. Die gedelegeerde owerhede vir die oordrag van regte sal sulke aansoeke vir oordragte oorweeg.

Tweedens, sal regtehouers nie toegelaat word om regte te hou in meer as een **Groep C en D** visserye nie, behalwe dat:

- Regtehouers mag enige kombinasie van die volgende regte hou: witmossel, weskuskreef (kuslyn) en netvis (Treknet, Kiefnet en Strandseënnet);
- 'n KZN Strandseënnetreg mag ook met 'n oesterreg gehou word.

7.5 Konsolidasie

Tussen 1994 en 2004 het die aantal regtehouers in die kommersiële visvangbedrywe dramaties toegeneem. Met die toekenning van regte was daar 'n besondere behoefte om nuwe inkomelinge toe te laat, veral persone van histories benadeelde sektore van die gemeenskap. As 'n gevolg, is daar in verskeie sektore, getalle gewys, verteenwoordigende vlakke van historiese benadeelde regtehouers. Verteenwoordiging in terme van getalle beteken nie noodwendig breed-gebaseerde en effektiewe deelname van historiese benadeelde persone in die visindustrie nie. Die konsolidasie, eerder as die vermenigvuldiging van regtehouers, het nodig geword ten einde effektiewe deelname te bevorder.

Konsolidasie is ook nodig om die bedryf te rasionaliseer, om wetsnakoming te bevorder en om die administratiewe las en kostes vir die Departement en regtehouers te verminder. Dit beteken die vermindering van die aantal entiteite, veral dié wat dieselfde of soortgelyke aandeelhouers het en 'n uitvoerende bestuurspan en fisiese adres deel in 'n spesifieke vissery. In 'n aantal sektore sal venstertydperke oopgestel word na die toekenningsproses wanneer die Minister goedgunstig sal kyk na vorms van konsolidasie wat nie transformasie ondermyn nie. In die langtermyn regtetoekenningsproses sal medium termyn regtehouers nie toegelaat word om binne dieselfde sektor te vermenigvuldig deur onder 'n ander dekmantel vir addisionele regte aansoek te doen nie. Medium termyn regtehouers mag nie aandele hou in potensiële nuwe aansoekers hou nie..

7.6 Nuwe inkomelinge

Die kwessie van nuwe inkomelinge is 'n vissery-spesifieke een en word in die vissery-spesifieke beleidsdokumente hanteer. 'n Onderskeid word in die vissery-spesifieke beleid getrek tussen "*addisonele*" inkomelinge en *"nuwe*" inkomelinge. Ten einde die deelname van addisionele inkomelinge toe te laat sal die aantal deelnemers in 'n sektor vermeerder moet word van die bestaande getal. Oor die algemeen is daar baie min ruimte om addisionele inkomelinge te akkomodeer, aangesien meeste van die visserye reeds ooronderskryf is. Nuwe inkomelinge kan egter geakkomodeer word deur die vervanging van onsuksesvolle regtehouers aansoekers. Dit sal gedoen word indien bestaande regtehouers versuim het om betekenisvol te transformeer of indien bestaande regtehouers versuim het om na behore te presteer of te investeer, of waar

die visvangpoging binne ‘n bepaalde vissery beskou word as minder as optimaal. In sommige sektore, ten einde die regtehouers in ‘n sektor te konsolideer, sal die aantal deelnemers verminder word deur nie regte toe ken aan bestaande regtehouers wat lae punte behaal, en deur hulle nie te vervang met nuwe inkomelinge nie.

Oor die algemeen sal die Departement nie regtehouers wat ‘n visvangreg verkoop het of op enige wyse vervreem het, toelaat om weer tot daardie kommersiële visvangbedryf toe te tree nie. Dieselfde is van toepassing op aandeelhouers of lede van beslote korporasies wat ‘n wesentlike deel van die regtehouer vervreem het.

7.7 Prestasie

Die prestasie van bestaande regtehouers mag onder die volgende hoofde evalueer word:

(a) Finansiële prestasie

Finansiële prestasie van die aansoeker mag volgens ‘n stel finansiële verhoudings evalueer word wat hulle leen tot hoogtemerke wat deur geouditeerde state gerugsteun word. Die finansiële state mag ook gebruik word ten einde vas te stel wie die werklike begunstigdes van die toekenning is (“*volg-die-geld beginsel*”) en om te bepaal of die regtehouer in die bedryf belê het.

(b) Betaling van heffings

Daar mag van aansoekers verwag word om bewyse te verskaf dat hulle op datum is met betaling van heffings vir vis geland gedurende die medium termyn regtetydperk. Indien heffingbetalings vir meer as 60 dae agterstallig is, mag die aansoeker gepenaliseer word. Indien die aansoeker nietemin daarin slaag om ‘n reg te bekom, sal die Departement nie ‘n permit uitreik voor die volle uitstaande bedrag nie betaal is nie.

(c) Wetsnakoming

Aansoekers wat skuldig bevind is aan ernstige oortredings van die WLMH, die regulasies, permitvoorwaardes en ander visvangverbonde oortredings gedurende die medium-termyn regtetydperk mag uitgesluit word. Geringe oortredings insluitend die betaling van skulderkenningsboetes kan as ‘n balanseringskriteria in ag geneem word.

Vaartuie op die swartlys van enige streeksvisserybestuursorganisasie (SVBO) sal nie toegelaat word om visvoorraad te oes nie. Aansoekers wat vaartuie besit (ten volle of ten dele) of nomineer wat negatief gelys is sal geweier word.

Die Departement se rekords van oortredings van die WLMH sal ter insae beskikbaar gestel word voor die regtetoekenningsproses.

(d) Visvangprestasie

Medium termyn regtehouers se visvangprestasie mag ontleed word, om vas te stel of 'n bestaande regtehouer aansoeker 'n medium termyn toekenning doeltreffend geoes het. Aansoekers wat geen vis gevang het tydens 'n visvangseisoen, of wat vir 'n hele seisoen nie 'n permit afgehaal het nie, mag uitgesluit word. . Ondervangste en oorvangste mag in sekere sektore as balanseringskriteria gebruik word.

Die Departement se rekords van vangsrendemente sal ter insae beskikbaar gestel word voor die toekenning van regte, indien dit gebruik gaan word in die toekenningsproses.

7.8 Belegging

'n Belegging in 'n vaartuig wat genomineer is om die bron te oes en in ander vaste bates sal erken word solank daardie belegging 'n egte bedoeling aantoon om te deel aan die risiko van deelneem aan die sektor. Aandeelhouding verkry teen minimum of geen koste vir die aansoeker sal nie as 'n belegging erken word nie. Die vlak van belegging sal beoordeel word aan die hand van die kwantum gehou gedurende die mediumtermyn regtetoekenningsproses.

7.9 Papierkwotas

Die gedelegeerde owerheid moet poog om te voorkom dat papierkwotas die industrie toetree en om papierkwotas wat tans regte hou te verwyder. Papierkwotas ondermyn of omseil die doelwitte van die regtetoekenningsproses.

(a) Nuwe inkomelinge

In die langtermyn regtetoekenningsproses sal die gedelegeerde owerhede nuwe inkomeling-aansoekers wat lyk na papierkwota-risikos uitsluit. Vir hierdie doel sal die gedelegeerde owerhede 'n aansoeker as 'n "*papierkwotarisiko*" beskou indien dit blyk dat daardie aansoeker geen ernstige voorneme het om die risiko van

volle deelname aan die sektor te deel nie, veral wanneer die gevaar bestaan dat ‘n aansoeker nie aansoek gedoen het om die bedryf toe te tree nie, maar om ‘n mate van finansiële voordeel te trek sonder om direk by die hoofbedrywighede geassosieer met ontginning van enige reg wat toegeken word, betrokke te raak. Om vas te stel of ‘n nuwe inkomeling aansoeker so ‘n papierkwotarisiko inhou, moet die aansoeker se bates en toegang tot kapitaal en finansiële- en besigheidsbeplanning en verbintenisse oorweeg word.

Die gedelegeerde owerhede sal ook papierkwotarisikos aansoekers uitsluit wat as “*fronte*” beskou word vir ander begunstigdes. Fronte vind plaas wanneer, ten einde ‘n beleidsoogmerk te omseil, ‘n aansoek deur ‘n ander entiteit gemaak word. ‘n Voorbeeld is wanneer ‘n aansoek gemaak word deur ‘n oënskynlik getransformeerde entiteit, met die bedoeling dat die hoofvoordele sal vloei na ‘n ongetransformeerde entiteit of individue wat nie swart persone is nie.

(b) Medium termyn regtehouers

Die gedelegeerde owerhede sal ook medium-termyn regtehouers uitsluit wat papierkwotas is. Vir hierdie doel sal die gedelegeerde owerhede as papierkwotas beskou medium-termyn regtehouers met swak of geen prestasierekords gekombineerd met geen belegging of betrokkenheid nie.

Die gedelegeerde owerhede sal ook as “*fronte*” uitsluit en sal vir hierdie doel die “*volg-die-geld beginsel*” gebruik om te bepaal of ‘n beleidsoogmerk omseil is. Byvoorbeeld, gedelegeerde owerhede sal poog om vas te stel of oënskynlik getransformeerde regtehouers inderdaad enige finansiële of ander voordeel aan swart aandeelhouers of lede toegeken het. Hierdie tipe fronte sal nie weer regte ontvang nie.

As algemene reël sal gedelegeerde owerhede nie toelaat dat regtehouers wat ‘n visvangreg verkoop het of op enige wyse vervreem het, daardie kommersiële vissery onder ‘n ander dekmantel herbetree nie.

(c) Groepe C en D

In Groep C en D sektore sal groot groepe identiese of uiters soortgelyke aansoeke, geborg deur derde partye, as papierkwota-fronte uitgesluit word. Oor die algemeen sal nie meer as een reg per huishouding toegeken word nie. In hierdie sektor sal daar van aansoekers vereis word om hulle verwantskap tot ander aansoekers in die sektor bekend te maak. Indien meer as een persoon per huishouding vir ‘n reg aansoek doen mag al die aansoeke van daardie huishouding uitgesluit word, tensy die aansoekers duidelik en oortuigend aantoon dat hulle klein aparte kommersiële ondernemings gevestig het.

(d) Toekomstige regtehouers

Na die langtermyn regtetoekenningsproses sal die Departement probeer om die regte van papierkwota-regtehouers in te trek deur artikel 28 van die WLMH toe te pas. Die Departement sal, as 'n reël, visvangregte van deelnemers wat dit nie effektief benut nie, intrek.

7.10 Waardetoevoeging

Waardetoevoeging beteken daardie aktiwiteite wat kommersiele waarde tot vis toevoeg, ongeag of sulke waarde bereik word op die Suid Afrikaanse of internasionale markte. Waardetoevoeging mag beloon word omdat dit, onder andere, die skepping van werk en rykdom stimuleer.

7.11 Ondernemingsontwikkeling

Ondernemingsontwikkeling behels stappe om swart eienaarskap, bestuur en vaardighede in bestaande en nuwe ondernemings te vermeerder, insluitend beleggingprogramme en toegang tot finansiering. Hierdie stappe mag beloon word mits hulle nie op pogings neerkom om die wetgewende beskerming van werkers vervat in die arbeids-, gesondheids- en veiligheidswette te omseil nie.

7.12 Werkskepping

'n Belangrike doelwit van langtermyn regtetoekenning is om 'n ongewing te skep wat geskik is vir werkskepping, in besonder, die skepping van meer permanente werk en beter kwaliteit werk in die visvangindustrie.

Werksgeleenthede geskep deur medium termyn regtehouers per ton toegeken en die vermeerdering van werk as 'n resultaat van die toekenning van mediumtermynregte, sal beloon word, ten minste in Groepe A en B. Die skepping van permanente werk word verkies bo seisoenale werk en seisoenale werk word verkies bo kontrakwerk.

7.13 Afhanklikheid en deelname aan boord

'n Belangrike doelwit by toekenning van regte in **Groep C en D** visserye is om regte toe te ken sodat individue klein kommersiële ondernemings en voltydse beroepe vir hulleself kan vestig. Finansiële afhanklikheid van die inkomste gegenereer deur visvang sal dus 'n faktor wees in meeste van die **Groep C en D** visserye. Dit sal 'n vereiste wees dat die aansoeker persoonlike betrokke is by die visvang of oes van die bron. Meer spesifiek sal *"aan boord deelname"* deur die regtehouer 'n vereiste wees in meeste **Groep C en D** visserye. Slegs

aansoekers wat nie in staat is om deel te neem nie as gevolg van permanente fisiese ongeskiktheid, sal van hierdie vereiste vrygestel word. Vroue-aansoekers sal nie vrygestel word om aan boord deel te neem nie.

Daar sal van bestaande regtehouers vereis word om bewys te voorsien van hul afhanklikheid deur middel van finansiële state en belastingopgawes. Daar sal van potensiële nuwe inkomelinge vereis word om bewys te voorsien van hul afhanklikheid deur hulle historiese betrokkenheid by die sektor waarvoor aansoek gedoen word of hul betrokkenheid in visvangbedryf aan te toon.

7.14 Plaaslike ekonomiese ontwikkeling en geografiese billikheidsoorwegings

Gedelegeerde owerhede mag die landing van vangste in visvanghawens buite die metropolitaanse gebiede beloon ten einde plaaslike ekonomiese ontwikkeling te bevorder, alhoewel dit nie moontlik mag wees om hierdie doelstelling in alle sektore te verwesenlik nie. Ten einde te verseker dat alle visvanggemeenskappe in die bron deel, mag die gedelegeerde owerhede die landingslokaal as ‘n puntetoekenning of valbyl kriterium gebruik. Bykomend daartoe, mag die departement beleidstukke en ‘n stelsel van heffingtoegewings ontwikkel wat regtehouers aanmoedig om vis te land en te prosesseer in hawens wat ekonomies bedruk is.

7.15 Vaartuie en vangspoging

(a) Vaartuie

Indien van toepassing op die sektor, sal van elke aansoeker vereis word om ‘n reg tot toegang tot ‘n vaartuig geskik vir die ontginning van daardie spesifieke visbron of bronne aan te toon. Alle vaartuie sal by die Departement geregistreer moet wees ten einde as ‘n vangsvaartuig genomineer te word.

‘n Geskikte vaartuig sal in die Vissery-spesifieke beleide omskryf word, maar die minimum vereistes vir geskiktheid sal wees:

- Van ‘n Suid-Afrikaanse vlag voorsien (tensy ‘n uitsondering gemaak word in ‘n vissery-beleid);
- Tensy vrygestel, toegerus is met ‘n goedgekeurde en funksionerende vaartuigmoniteringstelsel (“VMS”);
- Geregistreer deur die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsvereniging as geskik vir visvang; en
- Nie gelys op enige SVBO negatiewe lys nie.

Die Departement sal vereis dat alle aansoekers vir kommersiële visvangregte die genomineerde vaartuie benut vir die ontginning van die bron. Vaartuig veranderings sal slegs in gepaste gevalle toegelaat word.

(b) Vangspoging

Die Minister en die Departement is verplig om ingevolge die WLMH mariene lewende bronne te bewaar en om voorsorgbenaderings by die bestuur en gebruik van hierdie hulpbronne toe te pas. ‘n Sleutelelement by bestuur en bewaring van mariene bronne is die beperking van ontplooide visvangpoging om die optimum gebruik van hierdie bronne te verseker.

Die Departement is oor die algemeen gekant teen enige verdere verhoging van vaartuigpoging. Oor-kapasiteit van vaartuie word beskou as een van die primêre bedreigings vir die Suid-Afrikaanse visbronne. Dit plaas ook bykomende laste op die Departement, beide ten opsigte van monitering en wetstoepassing en die bestuur van die ontginning van die bron. Onderworpe aan vissery-spesifieke beleide word gesamentlike en kruis-sektorale gebruik van vaartuie aangemoedig aangesien dit ‘n meer doeltreffende en effektiewe gebruik van vaartuie dwarsdeur die seisoen tot gevolg sal hê.

Aan die ander kant word erken dat ouer vaartuie vervang moet word vir, inter alia, veiligheidsredes. Modernisering van die vloot sal onvermydelik tot gevolg hê dat vangskapasiteit verhoog word. Waar nodig, sal perke op vangspoging ingestel word om vangpoging te beperk.

7.16 Veiligheid van personeel en bemanning

Daar sal van aansoekers vereis word om aan te toon dat hulle voldoen het aan die regulerende vereistes van Die Wet op die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsvereniging 5 van 1998 en aan die regulasies uitgevaardig ingevolge die Handelskeepvaartwet 57 van 1951.

Bykomend sal van aansoekers vereis word om aan te toon dat hulle voldoen aan die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes 130 van 1993. Aansoekers word verder herinner aan die Departement se direktief dat maatskappye MIV/VIGS-beleidstukke moet aanneem en mag vereis dat hierdie stukke by die 2005-aansoeke geheg word.

7.17 Byvangsbestuur en verminderingsmaatreëls en storting

Die vermindering en mitigasie teen onbenutte en onder-groote byvangste is ‘n belangrike oorweging. Gedelegeerde owerhede mag gevolglik maatreëls geneem en beplan om te mitigeer teen hierdie tipe byvangste in ag neem. In sommige visserye is byvangste onvermeidelik en behels ‘n aanvaarbare deel van ‘n vangs wat toepaslike bestuursprosedures vereis. Die Departement sal voortgaan om beleide te ontwikkel wat verbeterde beoordeling en bestuur van byvangste-spesies verseker.

Die Departement is in die proses om ‘n breedvoerige bestuurplan oor byvangste te ontwikkel. By die bepaling van die toepaslikheid van byvangsmitigasie en verminderingstoestelle sal die Departement sy geskiktheid vir ‘n vissery oorweeg met verwysing na die aard van die vissery self; die koste-implikasies van enige besondere toestel of mitigasiestrategie; plaaslike en buitelandse vergelykende kennis; en insette van plaaslike vissers en hulle rol by die ontwikkeling van sodanige strategieë (indien toepaslik).

Die Departement moedig maatreëls aan om insidentele byvangste van seevoëls, haaie, mariene soogdiere, jong vis en verskeie kwesbare of bedreigde mariene spesies te minimaliseer. Suid Afrika het ‘n Nasionale Plan van Aksie (NPVA) ontwikkel vir die vermindering van insidentele byvangs van seevoëls en ‘n konsep NPVA vir die vermindering van byvangs van sekere spesies van haaie. In hierdie verband moedig die Departement sterk aan dat verskeie visvangsektore mitigasie-toestelle gebruik soos die torilyn (mitigasie van voëlbyvangste vir langlyners) ontsnappings- of uitsluitingsapparaat vir treilsektore (ontsnapping van jong vis en moontlik mariene soogdiere) asook bepaalde maasgroottes om die retensie van jong vis in treilnette te beperk. Verder veroordeel die Departement ten sterkste die praktyk van hoë-gradering en die stort van vis asook die opsetlike teikening van byvangspesies. Die Departement sal verder tyd- en ruimtelike sluiting vir visvang oorweeg, waar dit nodig geag word om broeivoorraad en broeigebied te beskerm.

.

7.18 Omgewingsvolhoubare praktyke

Die gedelegeerde owerhede mag visvangoperasies beloon wat begin het met, belê het in, of navorsing ondersteun het, in omgewingsvolhoubare beste praktyke.

In besonder het die Departement die volgende kwessies geïdentifiseer wat aandag vereis:

- Die instelling van energie- en brandstofverminderingsmeganismes in fabrieke en vaartuie;
- Vermindering van byvangste en voëlmortaliteit;
- Vermindering van ligbesoedeling;
- Minimalisering van die negatiewe invloed van mariene besoedeling.

7.19 Aasvisserye

Die gedelegeerde owerhede sal nie kommersiële regte vir doeleindes van aas-insameling toeken nie. Die enigste uitsondering tot hierdie beleid sal in die witmosselsektor wees, wat steeds besig is om ‘n kommersiële lewensvatbare mark vir menslike gebruik te ontwikkel.

DEEL D: DWARSNYDENDE BELEIDSOORWEGINGS VIR DIE TOEKENNING VAN KWANTUM OF VANGSPOGING

8. Beleidsoorwegings

Oor die algemeen word die besluit om kwantum of vangspoging toe te ken apart geneem van die besluit om suskesvolle aansoekers te identifiseer, alhoewel hierdie besluite onderling verbind is. Die oorwegings van toepassing op regtetoekenning is oor die algemeen op kwantumbesluite van toepassing. In hierdie deel van die beleid, word bykomende oorwegings van toepassing op kwantumbesluite uiteengesit. Die beleidsoorwegings vir die toekenning van vangspoging word in die vissery-spesifieke beleide behandel.

8.1 Groepe A en B

Die toekenning van kwantum in die **Groepe A en B** sektore word in die sektor spesifieke beleide behandel. In sommige sektore sal die meganisme vir die toekenning van kwantum die onderwerp vorm van verdere konsultasie, nadat die aansoeke in 'n sektor beoordeel is en die suksesvolle aansoekers geidentifiseer is. Onderworpe aan die uitkoms van hierdie konsultasies, sal die volgende beginsels toegepas word by die toekenning van kwantum.

Eerstens, kwantum sal toegeken word met verwysing na die aansoeker se 2005 toekenning. Die gedelegeerde owerheid sal 'n minimum hoeveelheid vasstel wat aan nuwe inkomelinge toegeken word, wat as 'n algemene beginsel nie minder sal wees as die laagste hoeveelheid toegeken aan 'n suksesvolle medium termyn regtehouer aansoeker nie.

Tweedens, omdat dit regeringsbeleid is om klein besigheid en breed-gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging te ondersteun, skryf die Minister aan die gedelegeerde owerhede voor om te oorweeg om ten minste 10% van die TTV te herverdeel aan klein besighede, wat nuwe inkomelinge en medium termyn regtehouers sal insluit. By oorweging of aan klein besighede herverdeel moet word, moet die gedelegeerde owerhede ag slaan op die aard van die vissery en die vlak van transformasie. In visserye wat voldoende getransformeer is en verteenwoordigend van klein besighede is, mag herverdeling onnodig wees. In visserye wat kapitaal intensief van aard is en gevolglik nie ideaal geskik is vir klein besigheidsontwikkeling nie, moet die gedelegeerde owerhede poog om ten minste 10% van die TTV te herverdeel aan daardie regtehouers wat histories kleiner toekennings ontvang het, maar wat getransformeer het en goed presteer het.

Derdens, en bykomend tot die boonste twee beginsels, mag die gedelegeerde owerheid kwantum toeken gebaseer op kriteria bedoel om die oogmerke te bereik wat in die onderskeie sektor-spesifieke beleide

uiteengesit is, soos transformasie en prestasie. Hierdie kriteria moet ontwerp word in ‘n wyse wat verseker dat alle suksesvolle aansoekers, ongeag grote, sal kan baat vind indien hulle voldoen aan die kriteria.

8.2 Groepe C en D

In **Groepe C en D** sal ‘n vasgestelde hoeveelheid van die TTV of TOV aan suksesvolle aansoekers toegeken word. Hierdie hoeveelheid sal nie noodwendig dieselfde wees in elke sone of TGRV nie.

8.3 Oormaat kwantum gelaat na appèlle

Oormaat kwantum gelaat na appélle sal proporsioneel verdeel word.

8.4 Verhoging van die TTV/TOV

Vermeerderings in die TTV of TOV sal toegeken word in terme van die toepaslike bepalings van die WLMH.

DEEL E: BESTUURSOORWEGINGS NA TOEKENNING

In hierdie deel word ‘n aantal beleidsoorwegings vir die periode na die toekenning van regte in algemene terme aangespreek. Hoewel hierdie beleidsrigtings nie regstreeks gedurende die langtermyn regtetoekenningsproses toegepas sal word nie, is dit nodig om hulle in hierdie Algemene beleid in te sluit ten einde om potensiële aansoekers in te lig oor die Departement se bestuursdoelwitte nadat die regtetoekenningsproses voltooi is.

9. Medebestuur van die Kommersiële Visserye

Die Departement is geleidelike besig om veranderings in te stel in die bestuur en regulering van Suid-Afrika se kommersiële visserye, deur te beweeg na ‘n stelsel van medebestuur met regtehouers, visvanggemeenskappe en ander betrokke belanghebbendes.

In terme van hierdie benadering sal die bestuur van die kommersiële visserye nie uitsluitlik by die Departement rus nie. Die verantwoordelikheid sal met regtehouers gedeel word en, waar toepaslik, met die kusgemeenskappe wat van mariene hulpbronne vir hulle bestaan afhanklik is. ‘n Territoriale Gebruiksreg Vissery (TGRV) stelsel is in die perlemoenvissery ingestel en die Departement oorweeg die instelling van ‘n soortgelyke benadering in sommige van die ander visserye, soos Stokvis handlyn, Weskuskreef (kuslyn), Oesters, Witmossel en Netvis.

Wat die groter kommersiële visserye betref, sal die Departement nadere werksverhoudings met erkende bedryfsliggame en belangegroepe nastreef, om belegging in vissery-navorsing, bestuur en wetsnakoming te bevorder.

Ten einde medebestuur te fasiliteer is Vissery-spesifieke **Bestuurswerksgroepe** in die meeste visvangsektore gevestig. Regtehouers word in hierdie werksgroepe verteenwoordig deur bedryfsliggame en belangegroepe. Die hoofdoel van 'n Bestuurswerkgroep is om aanbevelings te maak aangaande die bestuur van die vissery, insluitend permitvoorwaardes, geslote seisoene, beperkte gebiede, die aanneem en wysiging van sektorale bestuursplanne, wetsnakoming en vaartuigbeperkings. Wat die groter kommersiële visserye betref, beoog die Departement om sy biologiese en wetenskaplike navorsingsverpligtinge oor visbronne en die impak van visvang op ekosisteme met regtehouers te deel deur middel van die Werkgroepe of ander gepaste meganismes.

Artikel 8(1) van die WLMH bepaal dat die Minister mag, by wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant, erkenning verleen aan enige bedryfsliggaam of belangegroep in 'n tak van die visvangbedryf wat, in die opinie van die Minister, verteenwoordigend is van daardie spesifieke liggaam of groep. 'n Konsepbeleid aangaande Erkende Bedryfsliggame (EBL) wat voorgestelde erkenningskriteria vervat sal beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar, voordat die beleid aangeneem sal word. Waar erkende bedryfsliggame bestaan, mag die Departement kies om slegs deur die erkende bedryfsliggaam te kommunikeer.

10. Heffings en kosteherwinning

Heffings is 'n vasgestelde bedrag betaalbaar deur regtehouers van kommersiële visvangregte per eenheid vis geland en is dus aan die waarde van landings gekoppel. Heffings word tans ingestel ingevolge artikel 29 van die Wet op Seevisserye 12 van 1988.

Tans word die inkomste van heffings gebruik om sommige van die kostes te herwin wat die Departement by die bestuur van die visserye aangaan (insluitend wetsnakoming- en navorsingskoste). Na die toekenningsproses sal die Departement die vatbaarheid ondersoek om 'n stelsel in te bring van vooraf betaling van heffings of betaling by wyse van maandelikse paaiemente gebaseer op die proporsie van Totale Toelaatbare Vangs toegeken (en nie geland nie). Die Departement het ook voorstelle uitgenooi vir die instelling van 'n volledige kosteherwinningstelsel vir die bestuur van kommersiële visserye.

11. Waarnemerprogram

Die Departement se huidige waarnemerprogram fokus op vaartuig en kusgebaseerde wetenskaplike monitering en verslagdoening. Die Departement is van voornemens om die rol van waarnemers uit te brei ten opsigte van wetsgehoorsaamheidsmonitering en verslagdoening en om stelselmatig waarnemersdekking uit te brei na soveel kommersiële visserye as wat prakties moontlik is. Die Departement is ook van voornemens om nuwe metodes in te bring wat wetsgehoorsaamheid sal verseker, soos aanboord kameras. Daar sal van regtehouers verwag word om die kostes te dek verbonde aan die bestuur en implementering van waarnemersprogramme.

12. Oordrag van regte

Aansoeke vir die oordrag van visvangregte word behandel ingevolge artikel 21(2) van die WLMH wat bepaal dat visvangregte oorgedra mag word indien goedgekeur deur die Minister of sy gedelegeerde.

Indien die lede van ‘n beslote korporasie of aandeelhouers in ‘n maatskappy sommige of al hulle belange of aandele vervreem, bly die visvangregte by dieselfde regsentiteit, en hoef goedkeuring vir die oordrag van daardie reg oor die algemeen nie verkry te word nie. Enige oordrag van aandele of ledebelange wat ‘n verandering van beheer oor ‘n regspersoon wat ‘n visvangreg hou tot gevolg het, sal egter goedkeuring vereis. Dit is om omseiling van artikel 21(2) van die WLMH te verhoed. In die geval van ‘n publiek gelyste maatskappy moet goedkeuring verleen word wanneer meer as 35% van die aandeelhouding verkoop word. Indien die regtehouer ‘n individu is sal ‘n aansoek om oordrag nie slegs gemaak word wanneer die bedoeling is om die reg te verkoop nie, maar ook wanneer die regtehouer sterf en die eksekuteur die reg na ‘n ander persoon wil oordra.

Die huidige beleid rakende die oordrag van visvangregte word uiteengesit in Staatskennisgewing 1771 van 27 Julie 2001. Hierdie beleid sal toegepas word totdat dit vervang of gewysig word na die toekenning van langtermynregte. Die volgende faktore is in ag geneem by die oorweging van ‘n aansoek om oordrag van ‘n kommersiële visvangreg:

- Die dood, ontbinding, sekwestrasie of likwidasie van die regtehouer;
- Transformasie;
- Die bevordering van konsolidasie van die aantal regtehouers en vangspoging in ‘n vissery.

Na die toekenning van langtermynregte, mag "vensterperiodes" vir die oordrag van regte geskep word waar, ten einde transformasie en konsolidasie te bevorder, nuwe inkomelinge toegelaat mag word en bestaande regtehouers toegelaat mag word om saam te smelt.

13. Gebruik van voertuie in die kussone

Regtehouers wat die gebruik van 'n voertuig in die kussone benodig ten einde doeltreffend te opereer moet aansoek doen vir 'n permit in terme van die toepaslike Regulasies. Regtehouers word aangeraai om die Riglyne vir die Implementering van Regulasies In Verband met die Beheer van Voertuie in die Kussone: 2004 te raadpleeg. Beide die regulasies en die riglyne is by die Departement beskikbaar (Hoofdirektoraat: Visserye Wetsnakoming) of by www.mcm-deat.gov.za. 'n Permitfooi van R500 is van toepassing en die permit sal geldig wees vir die tydsduur van die kommersiële visvangreg.

14. Beskermde Mariene Gebiede en Visserybestuursgebiede

14.1 Beskermde Mariene Gebiede

Die Departement erken beskermde mariene gebiede as 'n belangrike toevlug vir visbronne wat onder visvangdruk verkeer. Huidiglik sluit hierdie visbronne oor die 50 spesies van lynvis en perlemoen in. Beskermde mariene gebiede word ook erken as 'n belangrike werktuig om onwettige, ongeraporteerde en ongereguleerde visvang te verminder.

Die Minister het 'n aantal beskermde mariene gebiede aangewys, wat ongeveer 20% van Suid Afrika se kuslyn beskerm. Dit bly die bedoeling van die Minister en die Departement om die omvang van die mariene gebiede beskerm teen visvang te vermeerder van die huidige 1% tot die internasionale vasgestelde 20% teen 2015.

14.2 Visseryebestuursgebiede

Artikel 15 van die WLMH maak voorsiening vir die verklaring van visseryebestuursgebiede vir die bestuur van 'n aangewese spesie en vir die goedkeuring van 'n plan vir die bewaring, bestuur en ontwikkeling van 'n vissery. Die verklaring van visseryebestuursgebiede is 'n verdere werktuig wat gebruik mag word, bykomend tot die noodmaatreëls waarvoor voorsiening gemaak word in artikel 16 en voorkeurvisvanggebiede waarvoor voorsiening gemaak word in artikel 17, om visserye beter te bestuur en gebruikerskonflik te verminder.

15. Wetsnakoming en artikel 28 kennisgewings

Die Departement het belê in monitering-, beheer- en waarnemerstoerusting ("*MBW*"), insluitende vaartuigmonitering- en posisioneringstelsels en het moderne patroleringsvaartuie aangeskaf. Die Departement het verder die dienste van toegewyde forensiese ouditdeskundiges en gespesialiseerde vissery-aanklaers bekom.

Die Departement sal toenemend fokus op voorkoming van oortredings en self-regulering. Dit sal gepaardgaan met streng monitering van prestasie, forensiese ouditering, samewerking met ander regulerende agentskappe soos die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde en die toepassing van strenger sanksies, insluitende die intrekking of opskorting van regte ooreenkomstig die bepalings van artikel 28 van die WLMH. Die Departement het alreeds verskeie memorandums van begrip aangegaan met sleutel regulatoriese agentskappe, beide nasionaal en internasionaal, om inligting te deel en om die invoer en uitvoer van visprodukte te moniteer.

Die Departement sal kennisgewings ingevolge artikel 28(1) uitreik en die kansellering, herroeping of opskorting van visvangregte in terme van artikel 28(4) van die wet navolg in alle omstandighede waar die Departement van mening is dat 'n oortreding van enige bepaling van die WLMH, die regulasies of permitvoorwaardes, wesentlik is. As 'n visvangreg toegeken is en die regtehouer vervolgens versuim om enige fooi of heffing opgelê ingevolge die toepaslike wetgewing te betaal, sal die Departement nie huiwer om 'n kennisgewing ingevolge artikel 28 van die WLMH uit te reik nie. Bykomend tot die intrekking van regte onder artikel 28 van die WLMH, is die Departement besig om metodes vir die vermindering van kwotas te ondersoek, in die geval van oortredings van die WLMH.

WOORDOMSKRYWING

Aansoekperiode	beteken die periode wat aanvang neem met die publikasie van die uitnodiging om aansoek te doen vir ‘n kommersiële visvangreg in die sektor tot die datum waarop die appélowerheid finaal oor die appélle in die sektor beslis het.
Swart persoon	beteken Afrikane, Kleurlinge and Indiërs, met dien verstande dat die persoon ‘n Suid Afrikaanse burger deur geboorte is of voor 27 April 1994 burgerskap bekom het.
Kodes van Goeie Praktyk	beteken the konsep SEB Kodes van Goeie Praktyk gepubliseer deur die Minister van Handel en Nywerheid in 2004 in terme van die die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtigingswet 53 van 2003.
Departement	beteken die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur.
Mediumtermyn regtehouer	beteken ‘n regtehouer wat ‘n mediumtermyn kommersiële visvangreg ontvang het gedurende die periode 2001/2002 – 2005 in die spesifieke sektor, of wat ‘n regtehouer geword het in die sektor deur middel van ‘n goedgekeurde oordrag van die visvangreg.
Minister	beteken die Minister van Omgewingsake en Toerisme.
Nuwe inkomeling	beteken ‘n aansoeker wat nie ‘n mediumtermyn regtehouer is in die betrokke sektor waarvoor aansoek gedoen word nie.